



DEEL II:

NAVORSINGSMETODOLOGIE EN DIE INSAMELING VAN NAVORSINGSGETUIENISSE



HOOFSTUK 6

NAVORSINGSMETODOLOGIE EN -PROSES

- 1. INLEIDING**
- 2. PROBLEMATIEK VAN WAARDES**
- 3. NAVORSINGSONTWERP**
- 4. OBJEKIWITEIT, GELDIGHEID EN BETROUABAARHEID.**
- 5. KRUISVALIDASIE**
- 6. SLOTOPMERKINGS**

HOOFTUK 6

NAVORSINGSMETODOLOGIE EN -PROSES

1 INLEIDING

Navorsingsmetodologie handel oor die metodes en tegnieke wat gevvolg moet word om die navorsingsvrae te kan beantwoord, ten einde te verseker dat soveel moontlike geldige kennis oor die navorsingsdomein verkry word (Mouton, 1996:35). Die navorsingsvrae bepaal die toepaslike teoretiese raamwerk, waarby ingesluit is die toepaslike metodes en tegnieke wat poog om die getuienis in te samel om tot 'n bepaalde gevolg trekking te kan kom (Mouton, 1996:37). Daar is dus 'n nou verwantskap tussen die navorsingsvraag, die manier hoe die navorsingsvraag opgelos word en die eindresultaat. Mouton (1996:71) verwys na die PEC (*problem, evidence* en *conclusions*) raamwerk vir navorsingsontwerp wat die probleemformulering, die insameling van getuienis en uiteindelik 'n gevolg trekking, behels. Dieselfde beginsel word deur Smit (1985: 1-43) en Overton (1991) onderskryf.

Die probleemformulering sowel as die stel van doelwitte en konseptualisering is reeds in Hoofstuk 1 gedoen. In Hoofstukke 2 tot 5 is die literatuurstudie hanteer om meer duidelikheid oor die konsepte (Mouton, 1996:111) te verkry en om insigte te bekom sodat die korrekte keuses ten opsigte van 'n toepaslike metode gevind kan word. In hierdie hoofstuk word die bepaalde keuses vir die insameling van die navorsingsgetuienis, in die lig van die navorsingsvereistes, geregverdig.

Mouton (1996:3-6) verwys na drie wêrelde wat 'n individu kan betree. Vir hierdie navorsing kan wêreld nommer een gesien word as die terreine waarop lede van dié wêreld beweeg, bepaalde ervarings beleef en waarnemings maak wat ryk aan betekenis en simboliek is (Babbie & Mouton, 2001: 5,6). Binne hierdie terreine is bepaalde gedragsvoorskrifte van krag wat geïnterpreteer en gekommunikeer word en as waardes manifesteer. Waardes kan uit hierdie 'alledaagse' gedrag afgelei word. Wêreld nommer twee is die navorsingswêreld en die epistemologiese is hier van belang. In die navorsingswêreld vind daar 'n sistematische en metodiese ondersoek na die waarheid plaas (Babbie & Mouton, 2001:7). In laasgenoemde wêreld word die verskynsels van wêreld nommer een vertaal in akademiese/navorsingskonstrukte/tweede-orde verskynsels, soos byvoorbeeld gesinsekologiese terreine en waardes, gesien vanuit 'n bepaalde teoretiese raamwerk (Mouton, 1996:114-115). Wêreld nommer drie is die van die meta-wetenskaplike wat krities ingestel is en verskeie benaderings soos die fenomenologie en hermeneutiek, aakkonddeer. Wanneer die navorsingsvraagstukke rondom waardes bestudeer word, moet daar harmonie tussen hierdie drie wêrelde wees en daarom moet die regte metodologiese keuses gemaak word.

In hierdie hoofstuk word die volgende aspekte hanteer:

- Die problematiek rondom waardes en navorsing.
- Die navorsingsontwerp.
- Die verband tussen objektiwiteit, betrouwbaarheid en geldigheid (Babbie & Mouton, 2001:12). (Soos met betrouwbaarheid en geldigheid kan volkome objektiwiteit nie bereik word nie. In hierdie studie verwys objektiwiteit na die strewe om sydigheid sover as moontlik uit te skakel).
- Kruisvalidasie soos dit in hierdie studie gebruik is (Babbie & Mouton, 2001:275).

NAVORSINGSMETODOLOGIE EN -PROSES

2 PROBLEMATIEK VAN WAARDES

Die problematiek van waardes het implikasies vir die keuses ten opsigte van verskeie aspekte van die navorsingsmetodologie, soos onder andere paradigmas, perspektiewe, meettegnike en ontledings, wat in hierdie studie gebruik word.

Joubert (1986: 95-146), Mouton en Marais (1990:24-26), Mouton (1996: 3-6) en Babbie (1998:5), wys daarop dat die sosiale wetenskappe as navorsingsdomein soms problematies kan wees. Daarom moet gelet word op die verskeie wêrelde (kyk vorige bladsy), die kompleksiteit van menswees, verskillende realiteite, gedragsafleidings en die konteks. Hierdie aspekte sal kortlik bespreek word aangesien hierdie faktore die keuses van navorsingsmetodes kan beïnvloed.

- Volgens Mouton en Marais (1990: 75) is die mens 'n rationele, historiese en normatiewe wese. Wat hierdie studie betref, verwys die normatiewe na waardes en die historiese na die konteks, naamlik die kulturele en gesinsagtergrond, wat gehelp het met die vorming van waardes. Die rationele verwys na die denkprosesse rondom waardes, naamlik die vorming (keuses) van 'n eie waardesisteem, sowel as die toepassing van waardes.
- Babbie (1989:5) verwys na twee realiteite/werklikhede, naamlik die van ervaring en die van ooreenstemming. Die ervaringsrealiteit is die ondervinding van die individu of etniese groep (kultuurgemeenskap) ten opsigte van die waardegestuurde gedrag op gesinsekologiese terreine. Die ooreenstemmingsrealiteit is dit wat voorgehou, of dit wat oorvertel word en behels in hierdie studie die oordra van waardes deur onder ander die ouers en die etniese groep met sy bepaalde kultuur.
- Joubert (1986:1) en Stewart (1998:7) sluit aan by hierdie realiteite en wys op die belangrikheid van die situasie/konteks of omgewing (gesinsekologiese terreine) waar die individu hom bevind. Relativisme is dus hier ter sprake. Dit is dus moontlik om 'n bepaalde waardeprioriteit te hê, maar as gevolg van die druk van omstandighede (konteks) kan gedrag aangepas word ten spyte van die waardeprioriteite.
- 'n Ander problematiek wat Joubert (1986: 125) uitwys is dat waardes 'n tweede-orde entiteit is en word deur indirekte waarneming en logiese afleiding bepaal. Die denkwêrelde en gedragswêrelde kan dus waargeneem word as 'n weerspieëling van die individu of etniese groep se waardes.
- Die kompleksiteit van menswees word daarin weerspieël dat die individu uit verskillende deelsisteme (fasette) bestaan (Jordaan & Jordaan, 1988:69-765). Hierdie deelsisteme of fasette speel 'n rol wanneer interpretasies oor onder andere, waardes en waardeoriëntasies, gemaak word.

Bogenoemde uitgangspunte word in ag geneem wanneer waardes en waarde-oriëntasies bestudeer en ontleed word.

3 NAVORSINGSONTWERP

Binne die ruimte van die navorsingsontwerp word die keuses ten opsigte van paradigmas, die ondersoekgroep, data-insamelingstegnieke, data-insameling en –ontleding hanteer. Dit sluit riglyne en instruksies in om die navorsingsprobleem aan te spreek.

NAVORSINGSMETODOLOGIE EN -PROSES

3.1 Keuse van paradigmas

Volgens Smaling (1992) is daar 'n vervlegdheid tussen die navorsingsaspekte waaruit keuses uitgeoefen moet word soos die teoretiese perspektief, doelwitte, ondersoeksgroep, data-insameling en -ontleding en die keuse van 'n paradigma. Die riglyne en instruksies rondom genoemde aspekte moet aangespreek word om sodoende geldigheid te maksimaliseer en foute te minimaliseer (Mouton & Marais, 1990:31; Mouton, 1996:107).

Smaling (1992) se klassifikasie van paradigmas word op grond van onder ander die verskillende ontologiese uitgangspunte en epistemologiese sienings gebaseer. Die ontologiese verwys na die mensbeskouing wat geïdentifiseer is naamlik die mens as meganisme (robot) wat die empiriese-analitiese paradigma verteenwoordig, die mens as interpreteerder/kommunikator wat die interpretatiewe paradigma verteenwoordig en die mens as geëmancipeerde wat die kritiese paradigma verteenwoordig. Die interpretatiewe en die empiries-analitiese is van toepassing vir hierdie studie.

Die onderstaande tabel is saamgestel uit Mouton (1983:128), Neuman (1997:4), Stewart (1998:14-16) en Smaling (1992) om die verskille tussen die empiries-analitiese en die interpretatiewe paradigmas uit te wys.

TABEL 6.1: PARADIGMAVERSKILLE

Empiries-analities	Interpretatif
Meer kwantitatief van aard en dus kwantitatiewe data-insamelingstegnieke	Meer kwalitatief van aard en dus kwalitatiewe data-insamelingstegnieke
Meet objektiewe feite	Ondersoek sosiale realiteit, kulturele betekenis
Fokus op veranderlikes	Fokus op interaktiewe prosesse, gebeure
Gebonde deur data-insamelingstegniek	Situasie gebonde
Eerder met baie deelnemers/subjekte en gevvolglik 'n breedte dimensie	Eerder met minder deelnemers/subjekte en gevvolglik 'n diepte dimensie
Statistiese ontleding	Tematiese ontleding
Vry van waardebeoordeling	Waardegekoppelde beoordeling
Positivisties	Fenomenologies, hermeneuties
Navorser gedistansieer	Groter betrokkenheid van die navorser
Geldigheids- en betroubaarheidsvereistes	Objektiwiteit, waarheid en oordeelkundigheid
Betroubaarheid as sleutel	Outentiekheid as sleutel

Om verder te onderskei kan daar ook gesê word dat empiries-analitiese navorsing eerder gemoeid is met die ontdekking van reëlmagtighede en getalle of die omvang van 'n verskynsel, terwyl interpretatiewe navorsing eerder gemoeid is met die begrip en verstaan van patronen, die aard van die bepaalde verskynsel en faktore wat die bepaalde verskynsel kan beïnvloed (Seidman, 1991:4; Smaling, 1992; Kvale, 1996:67; Maxwell, 1996:75; Neuman, 1997:121-442).


NAVORSINGSMETODOLOGIE EN -PROSES

3.2 Kombinasie van paradigmas en navorsingstyle


Smaling (1992) noem dat die empiries-analitiese en die interpretatiewe paradigmas mekaar in navorsing kan aanvul om 'n beter insig in die verskynsel wat bestudeer word, te verkry. Nagasawa, Kaiser en Hutton (1989:29), Brannen (1992:10), Bryman (1990), Smaling (1992), Hammersley, (1992), Prein en Kuckartz (1995:152), Taraborrelli (1995:185), Neuman (1997:336) sowel as Esterhuizen (2000) noem dat die kwalitatiewe navorsingstyl, met die interpretatiewe paradigma, en die kwantitatiewe navorsingstyl met die empiries-analitiese paradigma, geassosieer word en komplementerend gebruik kan word. In hierdie studie word daar van beide navorsingstyle of-benaderings gebruik gemaak om mekaar aan te vul en sodoende kruisvalidasie (*triangulation*) te bevorder (Smaling, 1992).

Esterhuizen (2000) verduidelik die rol wat genoemde twee navorsingstyle speel aan die hand van die breedte en diepte dimensies. Die model van Esterhuizen (2000) is aangepas om die empiriese-analitiese en die interpretatiewe paradigmas en die gebruik daarvan binne hierdie studie weer te gee. Tipies sou daar begin word met verkennende onderhoude om ondermeer die data-insamelingstegnieke te ontwikkel en die navorsingsgebied beter te begryp. Die deelnemers en die navorser interpreer die vrae/stellings en response onderskeidelik. Daarna word daar oorgegaan tot die empiries-analitiese naamlik die statistiese verwerkings en uit laasgenoemde en voortgesette onderhoude word daar weer interpretasies gemaak om sodoende verklarings vir verskynsels te verkry. Die interpretatiewe paradigmas sluit prosesse soos tematiese en inhoudsontleding in terwyl die empiries-analitiese paradigmas beskrywende en inferensiële statistiese metodes en tegnieke insluit. Die vertikale pyle dui die diepte dimensie aan, terwyl die horizontale pyle die breedte dimensie aandui. Skematies verloop die proses in hierdie navorsing soos volg:

- 1. Interpretatief :** Subjekte interpreer hulle leefwêreld (kyk p.81).



- 2. Empiries-analities:** Statistiese ontleding van data: vraelyste en skaal.



FIGUUR 6.1: KOMPLEMENTERENDE ROLLE VAN INTERPRETATIEWE EN EMPIRIES-ANALITIESE PARADIGMAS

NAVORSINGSMETODOLOGIE EN -PROSES

3.3 Die ondersoekgroep

In die bespreking van die ondersoekgroep word daar na verskillende aspekte van die ondersoekgroep, teikenpopulasie, steekproefraamwerk en steekproewe gekyk (Mouton, 1996:135).

3.3.1 Aspekte van die ondersoekgroep en teikenpopulasie

Die keuse van die deelnemers, ondersoekgroep of teikenpopulasie word beïnvloed deur faktore soos die navorsingsvrae, -doelwitte, -tegnieke en praktiese uitvoerbaarheid van die navorsing. Uit die literatuurstudie het die volgende aspekte ten opsigte van die ondersoekgroep en teikenpopulasie geblyk wat in hierdie navorsing in ag geneem behoort te word:

- Wanneer verskillende etniese groepe ondersoek word, is vergelykbaarheid van belang (Mouton 1996:91-100). Gevolglik moet faktore wat hierdie vergelykbaarheid nadelig beïnvloed, so ver as moontlik beperk word. Daarom is dieselfde beroepsgroep as teikenpopulasie geneem en word demografiese faktore by die verklaring van resultate in ag geneem.
- Data-insamelingstegnieke moet kultuur sensitief wees (Smaling, 1992:6) en daarom is vrae en stellings deur kultuurkenners geëvalueer.
- Die navorsingsparadigmas moet sover moontlik reg laat geskied aan die doelwitte van die navorsing en die praktiese uitvoering daarvan soos onder ander dat die vermoëns van die ondersoekgroep (Henry, 1996:101) in berekening gebring moet word. Daarom het die navorsing vrae en stellings aan die ondersoekgroep verduidelik om sodoende foutiewe interpretasies te minimaliseer.
- Daar moet onderskei word tussen die sogenaamde *etics* (universele) en *emics* (kontekstuele) toepassingsmoontlikhede van navorsingsresultate (Moghaddam, Taylor & Wright, 1992:44). Daarom word die navorsingsresultate nie beskou as byvoorbeeld die waardeprioriteite van alle jong volwassenes nie, maar slegs as die van die ondersoekgroep.

3.3.2 Bepaling van die teikenpopulasie

Die aspekte van die aard van die ondersoek, naamlik die gesinstake wat die versorgende rol en oordra van waardes insluit, het die keuse van die ondersoekgroep beïnvloed. Die keuse het geval op verpleegkundiges en dit word soos volg geregverdig:

Eerstens word die versorgende rol van die vrou aan beroepe soos verpleging (Taraborrelli, 1995:174), onderwys en maatskaplike werk gekoppel. Genoemde beroepe is mensgeoriënteerde tradisionele sowel as hedendaagse beroepe van die vrou. Waardes wat met genoemde versorgende rol in verband gebring kan word, behoort prioriteitswaardes van die ondersoekgroep te wees.

Tweedens is die navorsingsmoontlikhede ten opsigte van hierdie drie beroepsgroepe oorweeg (Mouton, 1996:135). Die verpleegkundiges in die betrokke kollege het die geleentheid vir die insluiting van die verskillende etniese groepe gebied. Hierdie vereiste kon nie tot dieselfde mate by ander natuurlike groepe soos byvoorbeeld onderwyseresse en maatskaplike werkers

NAVORSINGSMETODOLOGIE EN -PROSES

gevind word nie, omdat 'n inrigting nie gevind kon word waar daar 'n verskeidenheid Suid-Afrikaanse etniese groepe genoegsaam in verteenwoordig was nie.

Verder is hierdie teikenpopulasie gekies weens hulle beskikbaarheid en praktiese oorwegings soos tyd en koste. Die navorsing kon ook nie dieselfde toeganklikheid tot gekose maatskaplike werkers en onderwyseresse kry as by die verpleegkundiges nie. Die teikenpopulasie is dus jong volwasse vroue met die volgende eienskappe:

- beoefen verpleging as 'n beroep,
- het 'n bepaalde vlak van opleiding en is besig met tersiêre opleiding,
- gebruik Engels of Afrikaans as taal vir opleiding op tersiêre vlak,
- vertolk minstens twee rolle naamlik die van student en 'n beroep,
- behoort aan 'n bepaalde Suid-Afrikaanse etniese groep soos dit hieronder uiteengesit is
- en is blootgestel aan 'n Westerse gemeenskap en /of 'n tradisionele kultuur.

Die teikenpopulasie vir die studie was die studente van twee verpleeginrigtings in Johannesburg met ongeveer dieselfde aantal verpleegkundiges naamlik 280, van verskillende etniese groepe wat aan die genoemde kriteria voldoen het. Een van die twee inrigtings is ewekansig getrek. 'n Versoek is tot hierdie inrigting gerig om die studente te gebruik vir die verlangde navorsing.

Die volgende etniese groepe is in hierdie studie gebruik. Geakkultureerde Swart Zoeloe-, Swart Xhosa-, Swart Sotho-, Swart Tswanasprekendes asook Blanke Afrikaans- en Engelssprekendes, Kleurlinge en Engelssprekende Indiërs. (Hierna word daar slegs na byvoorbeeld Xhosa verwys en nie meer Swart Xhosa nie).

3.3.3 Bepaling van steekproewe

Hierdie navorsing bestaan uit 'n aantal deelstudies waarvoor verskillende steekproewe gebruik was. Hierdie aspek sal duidelik word in die navorsingsverloop en skematiese uiteensetting wat in Tabel 6.2 uiteengesit word. Die totale aantal deelnemers, vir die kere wat die totale teikenpopulasie gebruik was, was 218 voordat die data gesuiwer is. Met die eerste suiwing van die data kon 208 deelnemers se antwoordstelle vir die faktoranalise van die skaal vir waardes gebruik word. Na die tweede suiwing van die data is daar gevind dat slegs 154 deelnemers se antwoordstelle in totaal gebruik kon word. Uit die 154 antwoordstelle is vyf deelnemers uit elkeen van die agt etniese groepe geselekteer vir 'n tweede steekproef. Hierdie 40 antwoordstelle is gekies vir 'n meer vergelykbare ontleding van 'n sekere aspek van die data en het dus neergekom op 'n soort meervoudige gevallestudie (*multiple case study*) (Yin 1996:240). Verder is ses deelnemers naamlik drie jong volwassenes uit die Tswana- en drie uit die Blanke Afrikaanssprekendes vir individuele onderhoude rondom die bespreking van waardes en gesinstake gebruik. Die steekproewe van 40 en ses deelnemers onderskeidelik is volgens die teoretiese (*judgemental/purposive*) steekproef (Stoker, 1989:121; Hammersley & Atkinson, 1995:36; Babbie, 1998:195-198; Welman & Kruger, 1999 en Babbie & Mouton, 2001:288) geselekteer.

Verder is daar ook van kundiges en informante gebruik gemaak (Goldstein, Safarik, Reibolt, Albright & Kellet, 1996: 302). Meer inligting ten opsigte van hierdie persone sal op 'n later stadium in hierdie hoofstuk gegee word.

3.4 Doelwitte, data-insamelingstegnieke en steekproefgrootte

Om 'n globale beeld van die doelwitte, data-insamelingstegnieke en steekproefgrootte (aantal deelnemers) te gee word 'n skematiese uiteensetting gegee. Die volgende aspekte was van belang:

- Die steekproefgrootte is die aantal deelnemers na die suiwing van die data.
- Die datainsamelingstegnieke en steekproefgrootte is so geselekteer dat dit onder andere die doelwitte die beste dien, maar tog prakties uitvoerbaar was (Schnetler, 1989:44).

Die verskillende kleure in Tabel 6.2 onderskei die verskillende doelwitte met die gepaardgaande tegnieke vir data insameling.

TABEL 6.2: DOELWITTE, DATA-INSAMELINGSTEGNIEKE EN STEEKPROEFGROOTTE

Doelewitte	Tegnieke vir data-insameling	Steekproefgrootte
Beskryf ondersoekgroep	Demografiese vraelys: (V1-17)	154
<i>Kruiskontrole</i>	<i>Veldstudies buite ondersoekgroep</i> <i>*Onderhoude met informante</i>	
Uittoets van skaal	Likert-tipe skaal vir waardes: (V38-137)	208
Bepaal waardeprioriteite van agt etniese groepe	1. Likert-tipe skaal vir waardes: (V38-137) 2. Geslote vraelys om belangrikste/onbelangrikste waardeterreine te bepaal : (V18-37) 3. Oop-end vraelys om waardes te bepaal : (V192-207)	154
<i>Kruiskontrole</i> <i>(Begripsverklaring)</i>	<i>*Onderhoude met informante, deelnemers</i> <i>Waarnemings buite ondersoekgroep</i>	
Bepaal wie waardes oordra by die ondersoekgroep	1. Geslote end vraelys om die oordra van waardes te bepaal : (V172-191) 2. Oop-end vraelys om die oordra van waardes te bepaal: (V138-171)	154
Bepaal die oordra van waardes by agt etniese groepe	Oop-end vraelys om die oordra van waardes te bepaal : (V138-171)	40 (5x8) Geselekteer
Die oordra van waardes by Tswanas en Afrikaanssprekende Blanke	Individuele onderhoude	6
<i>Kruiskontrole</i> <i>(Begripsverklaring)</i>	<i>* Onderhoude met informante, deelnemers</i>	

* Kyk 3.10.4

NAVORSINGSMETODOLOGIE EN -PROSES

In die bostaande tabel is die kruiskontrole en die datainsamelingstegnieke en informante in skuinsgedrukte letters aangedui aangesien hierdie aspek slegs as kruisvalidasie gebruik is.

Die resultate en die bespreking van die navorsingsdoelwitte word in die volgende hoofstukke weergegee:

Doelwit:	Beskryf ondersoekgroep	Hoofstuk 7
Doelwit:	Bepaal waardeprioriteite	Hoofstuk 8
Doelwit:	Bepaal wie waardes oordra	Hoofstuk 9

3.5 Die navorser

Die navorser speel 'n sleutelrol in hierdie studie en daarom is dit belangrik om sekere aspekte rondom die navorser te noem. In 'n kwalitatiewe navorsingstyl word die navorser as meetinstrument gesien en moet sy sekere reëls volg, maar sy moet ook bepaalde vermoëns soos analitiese en kreatiewe denke, belangstelling in mense en hulle leefwêreld, 'n sensitiewe benadering en grondige kennis hê (Kvale, 1996:105-108). Die volgende optrede is gevvolg om aan hierdie vereistes te voldoen.

3.5.1 Etiese reëls

Etiese reëls (Kvale, 1996:111-120; Neuman, 2000:482-493) soos die volgende is nagekom:

Toestemming

Die deelnemers en die kollege hoofde is vooraf ingelig oor die basiese aspekte soos die doel en die aard van die navorsingsprojek. Deelname was vrywillig en daarom kon hulle op enige stadium ontrek. Die versekering is gegee dat die data op so 'n wyse aangebied sou word dat die verpleegberoep nie benadeel sou word nie. Verder is die deelnemers verseker van vertroulikheid en daarom is daar van nommers en skuilname gebruik gemaak.

Wetenskaplik verantwoordbaar

Om wetenskaplik verantwoordbaar te wees, is daar in die tema, navorsingsontwerp, -situasie, transkripsie, ontleding, verifiëring en verslag sover moontlik aan wetenskaplike vereistes voldoen. Wat die tema betref, weerspieël die hedendaagse problematiek rondom waardes en die gesin, die belang van hierdie studie. Die toepassingsmoontlikhede van die navorsingsresultate aan die einde van hierdie proefskrif, kan daarop wys hoe die problematiek rondom waardes en die gesin meer bevredigend aangespreek kan word. Die ander genoemde aspekte van wetenskaplike verantwoordbaarheid word verder in die hoofstuk as navorsingsverloop en navorsingsvereistes bespreek. Navorsingsvereistes sluit aspekte soos geldigheid, betroubaarheid, objektiwiteit, geloofwaardigheid en oordeelkundigheid in.

Wat verdere wetenskaplike verantwoordelikheid betref, is hierdie navorsing aan die nagraadse komitee van die Departement van Verbruikerswese van die Universiteit van Pretoria voorgelê. Genoemde komitee beoordeel die navorsing aan die hand van wetenskaplike kriteria. Verder is dit 'n onafhanklike studie wat nie verbind is aan instansies of persone wat hieruit voordeel kan trek nie.

NAVORSINGSMETODOLOGIE EN -PROSES

Die vermoëns van die navorser

Die vermoëns van die navorser dra ook by tot geldigheid, betroubaarheid, geloofwaardigheid en oordeelkundigheid. Om aan hierdie eise te voldoen, is dit nodig dat ondervinding belangrik geag word, daarom word die ondervinding en ander aspekte van die navorser genoem.

Ten opsigte van agtergrondkennis van die deelnemers het die navorser:

- ses maande gewerk as verpleegster,
- daar is gereelde kontak met verpleegkundiges tydens besoeke in hospitale gemaak,
- op 'n daagliks basis kontak met jong volwassenes en
- vier jaar aktief besig gewees met onderrig aan vroue uit feitlik al die etniese groepe wat in hierdie studie betrek is.

Om verdere agtergrondkennis in te samel, is die volgende gedoen:

- By verskeie geleenthede is die huise en gesinne van verskillende etniese groepe besoek (kyk 3.8 van hierdie hoofstuk). In sommige gevalle het die navorser saam met die etniese groepe aan projekte gewerk. Die navorser het van verskeie informante gebruik gemaak om inligting te verkry en as tolke op te tree. Informante was van die plaaslike gemeenskap sowel as kerklike werkers wat tussen agt en twintig jaar onder die swart etniese groepe gewerk het.
- Verder is daar verskillende gesprekke met vroue uit al die verskillende etniese groepe gevoer. Sodoende is meer agtergrond oor die kultuur en gebruikte van al agt etniese groepe ingewin. Hierdie gesprekke het ook bygedra om vrae op te klaar en data te kontroleer.
- Twee kultuurkenners uit die veld (tans werkzaam onder bepaalde kultuurgroepe) sowel as twee psigoloë is genader om die leefwêreld van die jong volwassene toe te lig.

Bestaande agtergrondskennis het die navorser tot 'n groot mate in staat gestel om die data binne die kulturele konteks te plaas en te evalueer (Kvale, 1996:72). Verder het die navorser probeer om 'n goeie kennis en insig ten opsigte van waardes en ander konsepte te verkry.

Ten opsigte van navorsing:

Die navorser het reeds by twee vorige geleenthede sosiaalwetenskaplike vraelyste en skale suksesvol gekonstrueer en toegepas. In vorige navorsing het die navorser benewens vraelyste en skale ook van onderhoude gebruik gemaak.

Ten opsigte van sensitiwiteit:

- Gereelde kontak met verskillende etniese groepe het daartoe bygedra dat die navorser sensitiief en ruimdenkend ten opsigte van kulturele gebruikte is.
- Rubin en Rubin (1996:12) verwys na die neutraliteit van die navorser. Neutraliteit vereis onder andere dat die navorser 'geen waardeprioriteite mag hê nie'. Daarom is daar gepoog om nie beïnvloedende opmerkings te gebruik nie.
- Die navorser was ook sensitiief en buigsaam om in die semi-gestruktureerde onderhoude soms van die vooropgestelde vrae af te wyk en versigtig navraag na 'omstandighede' te doen. Deur byvoorbeeld eers na die aantal en tipe kamers van 'n

NAVORSINGSMETODOLOGIE EN -PROSES

huis uit te vra, kon daar bepaal word of die deelnemer ‘n eie kamer en/of ‘n badkamer tot haar beskikking het.

- Volgens Oakley (1981:38-57), Fontana en Frey (1994:369) sowel as Kvale (1996:73) is dit belangrik dat vroulike navorsers vroulike deelnemers ondervra (kyk gesinstake p. 60). Hierdie aspek is belangrik wanneer sensitiewe vrae, soos liggaamlike waardes, bespreek word. Verder kan die vroulike navorser in hierdie geval gesien word as deel van die ‘kultuur’ van die vrou en ‘n sogenaamde binnestaander perspektief (*insider perspective*) (Adler & Adler, 1987:29) ten opsigte van die navorsing hê. Hierdie aspek is veral van toepassing ten opsigte van gesins- en ontwikkelingstake.

Ten opsigte van eienskappe:

Mouton (1996:148-152) bespreek ook eienskappe en die oriëntasie van die navorser wat in hierdie studie ter sake is. Eienskappe sluit die affiliasie, die beeld wat geprojekteer word en die afstand tussen die navorser en die deelnemers (subjekte/deelnemers) in, in. Die volgende is van belang:

- Die affiliasie van die navorser en die feit dat die navorsing onder die toesig van ‘n erkende universiteit plaasvind, is van belang. Die ondersteuning van die instansie en betekenisvolle persone waar die navorsing gedoen word, is ook belangrik.
- Die beeld van die navorser moet professioneel oorkom en ‘n gesindheid van waardering, erkenning, respekte en begrip is belangrik. Wat die afstand tussen die deelnemers en die navorser betref, is gestreef om ras, geslag en statuseffekte te oorbrug. Daarom was ‘n houding wat vertroue inboesem maar tog gemoedelik is, belangrik in die kontak met die deelnemers. Hierdie aspekte verwys ook na goeie rapport tussen die navorser en die deelnemers wat in hierdie studie verkry is (Mouton, 1996:157).

Ten opsigte van oriëntering:

Die navorser moet nie bevooroordeeld, onwetenskaplike houdings en verwagtings hê nie, daarom is die navorsing met ‘n oop gemoed gedoen sodat alle data oorweeg is. Hierdie houdings het bygedra in die strewe na onbevooroordeeldheid.

3.6 Voorbereiding vir die studie

‘n Eksploratiewe literatuurstudie (Goldstein, Safarik, Reibolt, Albright & Keller, 1996:303) oor die teorie van waardes, kultuur, jong volwassenes, die gesin en gesinstake, gesinsekologiese perspektief en die dissiplines betrokke, is gedoen om insig in die probleem te verkry en sodoende juistheid (waarheid) van die navorsing te verhoog. Verder het dit gedien tot die afbakening van die navorsingsdomein. Deur middel van die deduktiewe strategie is die inligting ontleed en verbande en samehangs tussen die konsepte verkry. Deur die deeglike verkenning van die literatuur is teoretiese geldigheid (Mouton & Marais, 1990:70) aangespreek. Hierdie inligting is hoofsaaklik in Hoofstukke 2 tot 5 uiteengesit.

Benewens die literatuurstudie is daar gesprekke met kundiges uit die veld en uit verskillende dissiplines en vakrigtings gevoer. Die volgende dissiplines en vakrigtings is ingesluit: huishoudkunde (verbruikerswetenskap), sosiologie, psigologie, filosofie, antropologie, antieke kulture, bedryfsielkunde, praktiese teologie en opvoedkunde. Onderhoude is ook met twee praktiserende kliniese psigoloë en twee kultuurkundiges in die veld gevoer. Gesinsprobleme

NAVORSINGSMETODOLOGIE EN -PROSES

sowel as die probleme van die jong volwassene is bespreek. Genoemde onderhoude het daar toe bygedra dat:

- die konsepte omskryf en onderskei kan word,
- die samehang tussen die dissiplines vasgestel kan word,
- insig in kulturele gebruik en filosofieë verkry is en
- die probleme rondom die jong volwassene en die gesin se waardes uitgelig is.

Die inligting wat verkry is, het dus 'n breë agtergrond waarteen die studie onderneem is, gebied.

3.7 Voorlegging van die navorsingsontwerp

'n Navorsingsvoorstel van die beoogde studie is voorgelê sodat navorsers en kundiges (lektore) insette kon lewer. Daar is veral aandag aan faktore soos die praktiese implikasies sowel as faktore wat die objektiwiteit (onbevooroordelheid), betroubaarheid en geldigheid kon beïnvloed, gegee.

3.8 Bepaling van die leefwêreld van die jong volwassene

Die leefwêreld van die jong volwassenes ten opsigte van taalgebruik, objekte, gedrag, behoeftes, gesinsinvloed, belangstellings en waardes is onder ander ondersoek om hierdie te gebruik in die konstruering van die vraelyste en skaal. Op hierdie wyse is daar aandag aan juistheid (waarheid) gegee. Verder is hierdie inligting ook gebruik om resultate te interpreteer en te verklaar.

Die navorser het jong volwassenes by die gekose Universiteitskoshuis genader. Die eerste vyf vrywilligers wat beskikbaar was, is geneem. Daar was twee Afrikaanssprekende Blanke, een Engelssprekende Blanke en twee Swart Sothosprekendes. Omdat daar nie 'n Indiërs onder die genoemde vyf was nie is 'n Indiërs onderwyseres genader om die kulturele leefwêreld van die jong Indiërs vrou te skets. Individuele ongestrukteerde onderhoude is aan die hand van temas (kyk p. 60 gesinstake), wat uit die konseptualisering van die konsepte na vore gekom het, gevoer. Daarna is daar met drie jong volwassenes, naamlik twee Blanke Afrikaanssprekendes en een Kleurling onderhoude ook aan die hand van die temas gevoer. Laasgenoemde drie persone was studente wat ook deeltjds as verpleegsters gewerk het. Sodoende is die beroepswêreld van die teikenpopulasie verken. Soortgelyke gesprekke is in die hospitaal, waar die geleentheid hom voorgedoen het, met verpleegkundiges gevoer om die verkreeë inligting te verifieer en uit te brei. Persone op nagdiens is genader omdat minder werkdruk tydens nagdiens ondervind word en die aandag van die verpleegsters dus makliker verkry kon word. Sodoende kan bevooroordelheid verminder word (Stewart, 1998:72). Die onderhoude is gestaak toe die inligting wat bekom is, herhalend geraak het en min nuwe inligting na vore getree het (Babbie & Mouton, 2001:288). Hierdie onderhoude verteenwoordig 'n kwalitatiewe navorsingstyl. Die data is opgeteken en verwerk as bykomende bronne vir die vraelyste en skaal.

Om juistheid (waarheid) en onbevooroordelheid te bevorder is besoeke aan huise in verskillende woonareas van verskeie etniese groepe gebring (Stewart, 1998: 68-72). Waar moontlik het die navorser deelgeneem aan die plaaslike aktiwiteite, wat geleei het tot aanvaarding en openheid ten opsigte van die navorser, deur die plaaslike etniese groepe. Besoeke is in 2000 aan tradisionele en geakkultureerde Zoeloe, Xhosa, (in Natal, Makatini en Mpumalanga) en Tswana (in Botswana) gebring. By drie geleenthede het gidse as tolke opgetree

NAVORSINGSMETODOLOGIE EN -PROSES

is beantwoord. Besoeke by die inheemse Swart etniese groepe is daagliks vir 'n week gedoen en soms is opvolg besoeke gebring om meer inligting te verkry en bepaalde interpretasies van die navorser te verifieer. Daar is met 8 gesinne gesprek gevoer. Waarneming is ten opsigte van die uitleg van 20 huise en hulle onmiddellike omgewing sowel as die funksionering van die gesin en sosiale strukture gedoen.

Besoek aan Afrikaans en Engelssprekende Blankes (in Gauteng) word deur die navorser op 'n gereelde basis gedoen. In die verlede is daar by huise en woonerwe van Kleurlinge (op die Kaapse vlakte), Sotho's (in die Free State) en Indiërs (in Gauteng en KwaZulu-Natal) en verskeie Swart inheemse etniese groepe in Soweto (in Gauteng) besoek gebring. Hierdie besoeke het deel van die navorser en haar eggenoot se werk gevorm. Daar is ook gesprek gevoer met informant uit al die etniese groepe om sodoende meer agtergrondsinligting ten opsigte van hul leefwyse te bekom. Die waarnemings wat hier gedoen is, is ook ten opsigte van die uitleg van huise, die onmiddellike omgewing sowel as die funksionering van die gesin en sosiale strukture gedoen.

3.9 Ontwikkeling van data-insamelingstegnieke

Verskillende data-insamelingstegnieke is gebruik om die navorsingsdoelwit te bereik. Sodoende is daar van kruisvalidasie gebruik gemaak om te streeve om geldigheid, betroubaarheid en objektiwiteit te verhoog (Mouton, 1996:11). Babbie en Mouton (2001:8) noem die volgende: *"The epistemic imperative is a commitment to an 'ideal' ... to generate results and findings which are as valid or truthful as possible."*

Benewens die inligting wat uit die bestudering van die navorsingsmetodologie verkry is en die raad van ander navorsers, het die navorser die 'leefwêreld van die jong volwassene' van verskeie etniese groepe (soos hierbo aangedui) ondersoek om inligting te versamel vir die konstruering van die vraelyste en die skaal. Sodoende is die wêreld van die wetenskap met die van die sosiale fenomeen in kontak gebring (Mouton, 1996:26).

Aangesien geen gepaste data-insamelinstrumente vir die uitvoering van hierdie studie gevind kon word nie, moes die navorser dit self konstrukteer. Omdat al die data-insamelinstrumente self ontwikkel is, is dit belangrik om na die teoretiese grondslae daarvan te verwys. Die betrokke vraelyste, 'n skaal vir die meet van waardes en die temas vir onderhoudvoering is deur die navorser in Engels en Afrikaans saamgestel.

3.9.1 Demografiese vraelys

Die inligting uit die onderhoude en die literatuurstudie, is gebruik om 'n demografiese vraelys saam te stel. Hierdie vraelys het hoofsaaklik geslote end vrae wat die feite dek oor die sosio-demografiese aspekte (Schnetler, 1989:45-46) soos die ouderdom, beroep, geslag, huwelikstatus, huistaal, kultuurgroep, godsdiens, area waar grootgeword, gesinsamestelling, opleiding van die gesinshoof, en beroep van die gesinshoof. Evalueringsvrae oor die opvoedingstyl en algemene huislike belewenis van die deelnemers is ook ingesluit. Hierdie vrae is ingesluit aangesien dit deel vorm van die gesinsekologie en dit tot 'n meerdere of mindere mate die deelnemers se waardes kan beïnvloed (Pretorius, 1988; Kok, 1992). Die vrae in die demografiese vraelys is hoofsaaklik kwantitatief van aard, maar die interpretasie en evaluering

NAVORSINGSMETODOLOGIE EN -PROSES

van die opvoedingstyl en huislike belewenisse is meer kwalitatief van aard. Hierdie vraelys word as Bylaag B aangeheg. Die doel van die demografiese vraelys was om die deelnemers te kan beskryf. Daarom is in die data-ontledings van frekwensies gebruik gemaak.

3.9.2 Data-insamelingstegnieke om waardeprioriteite te bepaal

Drie data-insamelingstegnieke is gebruik om die waardeprioriteite te bepaal.

Die skaal wat 20 gesinsekologiese waardes verteenwoordig

Nadat die voor- en nadele van verskeie tipes skale oorweeg is (Schnetler, 1989: 70), is daar besluit op 'n Likert tipe skaal aangesien die deelnemers van hierdie studie, volgens twee lektore van die verpleegkundiges, oor die algemeen vertroud was met 'n eenvoudige lineêre numeriese evaluasie. Die doel van die skaal was om die abstrakte konsep, naamlik waardes, te kwantifiseer. Numeriese ankers wat deur bewoording ondersteun is, is by die beoordelingskale gebruik. Die bewoording het die twee ekstreme op die skaal aangedui. Sewe of vyf skaalpunte lever betroubare resultate (Schnetler, 1989). In hierdie studie is die volgende sewepunt skaal, ondersteun deur bewoording, gebruik naamlik: -3, -2, -1, 0, +1, +2, +3. In die data-ontleding is hierdie punte verwerk na 1 tot 7 respektiewelik. Instruksies en voorbeeld is gegee sodat die deelnemers kon weet hoe die vrae beantwoord moes word. Die deelnemers moes 'n merk op betrokke numeriese ankers maak om sodoende hulle affektiewe graad en voorgenome betrokkenheid of instemming by 'n waarde-oriëntasie (waarde), binne 'n bepaalde hipotetiese situasie, aan te dui. Hierdie skaal is dus hoofsaaklik evaluerend van aard.

Die items in die skaal wat die waarde-oriëntasies ten opsigte van die 20 gesinsekologiese waardes van Hattingh (1991:313) se waardetipologie meet, word as Bylaag C aangeheg. Die 20 waardes verteenwoordig ook die verskillende terreine van die gesinsekologie. Die items vir die skaal is uit die literatuurstudie sowel as die inligting van die reeds beskryfde onderhoude gegenereer en is dus stellings/vrae waarmee die deelnemers hulle kon vereenselwig. Hierdie skaal skets vyf kontekste wat elk van Hattingh se tipologie van 20 waardes bevat en daar is dus 100 items in die skaal. Wanneer byvoorbeeld beroepswaardes gemeet word, is daar verskillende aspekte by betrokke. Hierdie aspekte is onder andere beroepstevredenheid, tydsbenutting en vergoeding. Uit die response is 'n gemiddeld bereken uit elk van die 20 waardeterreine. Die geheel is dus hier belangriker as die dele. Die hele spektrum van 'n bepaalde waardeterrein kan nie in hierdie studie deur die verskillende items gedek word nie. Dit sou wenslik wees om meer as vyf items oor elke waarde te hê, maar dan sou die skaal te lank wees wat die deelnemers moontlik sou vermoei. Hierdeur sou die betroubaarheid rondom die toepassing van die skaal, in gedrang kom (Mouton, 1996:160).

Die skaal is deur drie jong volwassenes, twee kultuurkenners in die veld, drie vakkundiges (naamlik twee huishoudkundiges en een psigoloog), twee psigometriste en vier taalkundiges geëvalueer en die nodige aanpassings is gemaak. Evaluerings deur verskeie persone is volgens Smit (1985:147), Mouton (1996:111,112 & 117) en Stewart (1998:68-71) nodig om objektiwiteit, waarheid en teoretiese geldigheid te verhoog.

Volgens Welman en Kruger (1999:130) moet hierdie skaal aan sekere vereistes, kriteria en riglyne voldoen om empiries-analities en interpretatif suksesvol te wees. Van hierdie vereistes is die sogenaamde indirekte metode van meting watveral geskik is vir sensitiewe onderwerpe soos

NAVORSINGSMETODOLOGIE EN -PROSES

‘n persoon se waardes. Daar is ‘n groter kans vir akkurate en betroubare inligting wanneer indirekte vrae gevra word (Schnetler, 1989:66). In hierdie studie is daar byvoorbeeld na ‘n derde persoon, soos ‘n vriend, verwys. Verder is die volgorde waarin die vrae of stellings (items) geplaas word, ook belangrik. Eerstens word maklike vrae eerste geplaas en sensitiewe of moeilike vrae of stellings aan die einde van die skaal. Daar is ook ‘n paar vrae oor een terrein van waardes saam gevra en daarna word dit weer met vrae van ‘n ander terrein afgewissel. Verder wissel kort en langer stellings mekaar af. Genoemde verspreiding van vrae/stellings kan dus moontlike ongewenste responspatrone minimaliseer (Schnetler, 1989:44).

Stellings of vrae oor gedrag kan volgens Schnetler (1989: 46) op vyf wyses gevra word. Dit is as volg in die studie gebruik: Eerstens kan vrae op die aan- of afwesigheid van gedrag dui, soos byvoorbeeld: besoek jy jou vriende elke week? Hierdie kan ‘n aanduiding van die belangrikheid van die vriende wees en dui ‘n sosiale waarde aan. Tweedens kan vrae wat die aard van gedrag aandui ook ‘n waarde aandui. Die soort vriende wat die deelnemer het, dui aan of daar ook ander waardes ter sprake is. Indien daar net welgestelde vriende is, kan dit ‘n aanduiding van die belangrikheid van ekonomiese waardes wees. Derdens kan vrae wat die frekwensie van gedrag aandui, die belangrikheid van die waarde aandui. Wanneer daar ‘n hoë frekwensie is van besoeke aan vriende, kan dit aandui dat die sosiale waarde belangrik is. Vierdens kan die betrokkenheid ook na die belangrikheid van ‘n waarde verwys. Wanneer sosiale kontak selektief plaasvind, dui dit daarop dat meer as sosiale kontak ter sprake is. Bymotiewe wat ander waardes impliseer kan ook betrokke wees. Indien sosiale kontak, ten spyte van negatiewe omstandighede, nagestreef word, kan dit beteken dat sosiale waardes ‘n hoë prioriteit is. Vyfdens kan vrae wat na die graad van belangrikheid of die prioriteit van die gedrag verwys, die prioriteit van die waarde aandui. Indien bepaalde gedrag (waarde) bo ander gedrag (waardes) verkies word, ten spyte van ander behoeftes of belangstellings, bevestig dit die betrokke waardeoortuiging. ‘n Voorbeeld hiervan is wanneer keuses gestel word om byvoorbeeld tyd aan jou vriendekring of aan jou beroep te wy. Meer tyd aan die vriendekring ten koste van beroep beteken dat die sosiale waarde waarskynlik ‘n prioriteit bo die van beroepswaarde het. Genoemde tipe vrae en stellings is nie alleen in die skaal ingesluit nie, maar is in ag geneem tydens interpretasies van die inligting.

Die twee vraelyste wat waardeprioriteite bepaal

Om metingsgeldigheid te verhoog is daar aanvanklik besluit om benewens ‘n vraelys wat waardeprioriteite bepaal ook ‘n gestruktureerde onderhoud in te sluit. Volgens inligting van twee kultuurkenners, die aanbeveling van die raadgewende lektor van die betrokke inrigting en die grootte van die ondersoekgroep was dit egter wenslik dat bogenoemde onderhoud met ‘n vraelys vervang word. Dit het anonimitet (‘n etiese aspek) bevorder asook gepaardgaande eerlikheid en vrymoedigheid om sodoende betrouwbaarheid moontlik te verhoog (Mouton, 1996: 148-155). Hierdie stap het die twee verskillende vraelyste wat waardeprioriteite bepaal, ingesluit.

Die eerste vraelys om die belangrike/onbelangrike waardeterreine te bepaal (kyk Bylaag E) is ‘n geslote end vraelys en het die 20 gesinsekologiese waardes aan die deelnemers voorgehou. Hieruit moes die vyf belangrikste en vyf onbelangrikste waardes geselekteer word. Frekwensies en statistiese verwerkings ten opsigte van waardekeuses is uit die data verkry om ‘n indikasie van die bepaalde waardeprioriteite te gee.

NAVORSINGSMETODOLOGIE EN -PROSES

Die tweede vraelys bestaan uit oop-end vrae (kyk Bylaag F) en het tien gestruktureerde vrae wat die jong volwassene se waardes kan weerspieël bevat. Genoemde tien vroaie is uit die inligting van die literatuurstudie sowel as die verkennende onderhoude gegenereer. Die doel van oop-end vroaie of stellings is om die deelnemers die vryheid te gee om hulself uit te druk en moontlike redes vir hulle optredes te gee (Schnetler, 1989:47; Babbie, 1998:122). Deur middel van genoemde vroaie of stellings is onder andere oortuigings, behoeftes, houdings, doelwitte, norme, gebruikte en beginsels van die deelnemers bekom wat weer na waardes herlei kon word.

Bogenoemde twee vraelyste is ook deur 'n kultuurkundige, twee taalkundiges, twee vakkundiges (twee huishoudkundiges en een psigoloog) en twee Blanke vroulike jong volwassenes geëvalueer. Deur die evaluering van verskeie kundiges is objektiwiteit (Smaling, 1992; Stewart, 1998:72) verhoog. Die riglyne en die vereistes vir die formulering van die vroaie soos Schnetler (1989:57-65), Bless en Higson-Smith (1995:116-119) asook Babbie (1998:270) dit stel, is ook nagekom sodat juistheid (waarheid) (Stewart, 1998:68-71) verbeter kan word.

Die genoemde twee vraelyste en skaal het ten doel gehad om die mate van metingsgeldigheid te bepaal. Die gebruik van die drie metings van waardes (die Likert-tipe skaal en die twee vraelyste hierbo genoem) dra by om die geldigheid te verhoog (Mouton & Marais, 1990:70). Mouton (1996:156) noem ook dat die betroubaarheid van waarneming moontlik deur meerder tegnieke naamlik kruisvalidasie bevorder kan word. Verder sluit hierdie drie data-insamelingstegnieke (die twee vraelyste die Liket-tipe skaal vir waardes), volgens Neuman (2000:124-125) die objektivering sowel as die subjektivering van data waardeur metingsgeldigheid verhoog word, in. Smaling (1992) en Stewart (1998:71) noem dat hierdie meerder indikators tot juistheid (waarheid) bydra.

3.9.3 Data-insamelingstegnieke om die oordra van waardes te bepaal

Twee vraelyste om die oordra van waardes te bepaal is opgestel (kyk Bylae G en H onderskeidelik). Daar is op die oordra van waardes binne die gesin gefokus, maar daar is ruimte gegee vir die betrokkenheid van ander invloede soos byvoorbeeld die media en ander betekenisvolle persone buite die gesinsverband. Die inligting vir hierdie vraelyste is uit die verkennende onderhoude sowel as die literatuurstudie verkry. Die insette van die navorsers tesame met twee kultuurkundiges in die veld en twee taalkundiges het bygedra om die teoretiese geldigheid (Smit, 1985:147; Mouton, 1996:110-114) en objektiwiteit (Smaling, 1992; Stewart, 1998:72) van die vraelyste te verhoog.

Die vraelys met gesloten end vroaie oor waardeterreine wat bepaal wie die twintig waardeterreine oordra (vorm of beïnvloed), is gekonstrueer (kyk Bylae G). In hierdie vraelys is die genoemde 20 gesinsekologiese waardeterreine gegee en die deelnemers was gevra om aan te dui wie of wat hulle op die genoemde waardeterreine beïnvloed het of die betrokke waardes oorgedra het.

Die vraelys met oop-end vroaie wat die invloed vanveral persone in die oordra van waardes bepaal, is gekonstrueer (kyk Bylae H) en kan as die omgekeerde van die bogenoemde vraelys gesien word. Die deelnemers is gevra om die invloed wat gesinslede, familie, betekenisvolle ander persone, die media of instellings op hul lewe gehad het, en sodoende die internalisering van enige waardes kon beïnvloed, te noem. Sodoende is die deelnemers nie beperk en/of

NAVORSINGSMETODOLOGIE EN -PROSES

geforseer om sekere keuses te maak nie, en kan daar ook vasgestel word watter gesinsekologiese waardeterreine nie deur die gesin self oorgedra word nie. Volgens Stewart (1998: 69) is hierdie nie-beperkende geleenthede wat die deelnemers kry belangrik om juistheid (waarheid) te bekom.

Bogenoemde twee vraelyste wat 'n interpretasie en evaluering van die deelnemers vra bevat dus kwalitatiewe elemente, hoewel dit vir alle praktiese doeleinades as gestruktureerde onderhoude beskou word. Verder dien genoemde twee vraelyste as onderlinge kontrole en bevestiging van mekaar. Met die twee tegnieke kan die bepaling van metingsgeldigheid (Mouton, 1996:127) en juistheid (waarheid) (Stewart, 1996:71) bevorder word deur na ooreenkomsste en patronen tussen hierdie twee vraelyste te soek.

Algemene opmerkings

Ten opsigte van al die genoemde vraelyste sowel as die genoemde skaal kan die volgende genoem word. Daar is in die finale fase van die konstruering van die vraelyste na deelnemersvriendelikheid gestreef sodat steuringsfaktore soos negatiewe responspatrone en 'n lae vlak van motivering, op hierdie gebied beperk kon word. Mouton (1996:153-160) meen dat betrouwbaarheid hierdeur verhoog word. In aansluiting hierby is die vraelyste en skaal so gebind dat dit maklik hanteer kon word. Die taal is ook nie ingewikkeld nie sodat almal dit kan verstaan. Woorde of uitdrukings wat eie aan 'n bepaalde groep is, is vermy. Dit is veral belangrik wanneer dit nie die deelnemers se moedertaal is nie. (Die loodsstudie het geen taalprobleme uitgewys nie). 'n Dekbrief (kyk Bylaag A) wat die status en verbintenis met die Universiteit van Pretoria bevestig asook deelnemers verseker van vertroulikheid en anonimitet, is opgestel en saam met die vraelyste en skaal uitgedeel.

3.9.4 Die oordra van waardes by Afrikaanssprekende Blankes en Tswanas

Onderhoude in hierdie afdeling van die studie was hoofsaaklik 'semi-gestruktureerde gesels' wat as 'n instrument gedien het om inligting (Hunt & Eadie, 1987:10) rondom die oordra van waardes by Tswanas en Afrikaanssprekende Blankes te bepaal (kyk Bylaag I). Die gesins- en ontwikkelingstake soos Duvall en Miller (1985:47, 60, 266) dit weergee, is as temas vir hierdie individuele onderhoude gebruik om die betrokkenes en die wyse waarop waardes op verskillende gesinsekologiese terreine oorgedra word, bloot te lê. Die navorsing is dus in 'n sekere sin die meetinstrument (Seidman,1991:16) aangesien die navorsing se vaardighede en ervaring gebruik is om inligting soos die eie belewenisse en ondervindings van die daaglikse lewe van die deelnemers te verkry en te interpreteer (Kvale,1996:70; Rubin & Rubin, 1996:2).

3.10 Die insameling, suiwing, verwerking en redusering van data

Voordat die insameling, suiwing en verwerking van die data bespreek word, is dit belangrik om eers die verskillende tipes data uit te klaar. Aangesien kruisvalidasie 'n belangrike aspek van navorsing is (Mouton, 1996: 156), is twee tipes data hier ter sprake naamlik die data wat buite om die formele ondersoekgroep val en die data van die formele ondersoekgroep. Eersgenoemde data sluit aspekte in soos onderhoude met kundiges en informantte ten opsigte van navorsing, die betrokke kulture, die jong volwassene asook die gesin en kan ook na verwys

NAVORSINGSMETODOLOGIE EN -PROSES

word as informantie data. Hierdie onderhoude is gevoer om inligting te verifieer en betekenisbloot te lê. Laasgenoemde data kan ook na verwys word as deelnemersdata.

3.10.1 Loodsstudie en data-insameling

Daar is met die navorsing begin deur 'n loadsstudie uit te voer. Voor die toepassing van die loadsstudie is die skaal en vraelyste deur twee deelnemers voltooi. Twee vrywillige Afrikaans- en Engelssprekende jong volwassenes met tersiêre opleiding en wat reeds in 'n beroep staan, is vir die doel gebruik. Geen probleme met begrip en die invul van die vraelys en skaal is ondervind nie. 'n Indikasie van die tyd wat dit neem om die vraelyste en die Likert-tipe skaal te voltooi, is ook verkry.

Amptelike toestemming is verkry by die ewekansig getrekte middestadse verpleegkollege (wat inskakel by 'n plaaslike universiteit) om die data in hulle lesinglokaal te versamel met dien verstande dat dit tydens twee geleenthede mag gebeur op 'n toegekende tyd. Alle studente wat in die lesinglokaal teenwoordig was, is ingesluit. Die vraelyste en die skaal vir waardes is uitgedeel en die deelnemers is kortliksoor die studie ingelig. Aandag is ook aan etiese optredes gegee soos onder andere vertroulikheid, geen diskriminasie en die geleentheid om vrywillig van die studie te onttrek (Kvale, 1996:105-108). Die navorser en 'n psigometrikus was deurgaans teenwoordig indien probleme sou opduik. Verder het daar 'n gemoedelike atmosfeer geheers. Volgens Stewart (1998:69) is 'n goeie verhouding tussen die navorser en die deelnemers belangrik om die mate van juistheid (waarheid) te verhoog. Die eerste data-insameling het 44 jong volwassenes uit verskillende kultuurgroepe betrek.

Omdat daar geen probleme met die loadsstudie was nie, is dieselfde vraelyste en skaal by 'n volgende geleentheid uitgedeel. Dieselfde prosedure is dus sewe dae later herhaal. Dieselfde dag van die week, tyd en lesinglokaal is gebruik. By hierdie geleentheid was daar weer dieselfde goeie verhouding tussen die navorser en die deelnemers. Die deelnemers wat hieraan deelgeneem het was 174. Die navorser was weer bygestaan deur die psigometrikus. In totaal is 218 deelnemers se vraelyste ingesamel. Dit was nodig om 'n groot genoeg steekproef vir die faktorontledings van die skaal te verkry.

3.10.2 Data-suiwering en eerste dataverwerking

Onbetroubare data soos onder ander onvolledigheid en opvallende foute (verkeerde numerering) is onttrek om die data so suiwer as moontlik te hou. Tien antwoordstelle was nie bruikbaar nie en 208 antwoordstelle is vir die faktorontleding gebruik. Hierdie antwoordstelle is ontleed en gekodifiseer (vir die rekenaar) ten opsigte van die demografiese inligting, die 20 gesinsekologiese waardes, antwoorde op vrae/stellings in die vraelyste wat waardes en persone betrokke by die oordra van waardes impliseer. Van die 218 is slegs 154 volledige antwoordstelle as bruikbaar, in totaliteit, beskou.

Die volgende dataverwerkings is gedoen.

NAVORSINGSMETODOLOGIE EN -PROSES

Die demografiese vraeëls

Die antwoorde op hierdie vraeëls is deur die navorsing en 'n span van twee assistente gekodifiseer vir die rekenaar. Die vrae ten opsigte van die deelnemers se kinderjare en die opvoedingstyl van hulle ouers, was baie onvolledig beantwoord en daar is besluit om dit te skrap.

Die Likert-tipe skaal wat 20 gesinsekologiese waardes meet

Daar is voortgegaan met die faktor- en itemontledings van die skaal. Faktoranalises is gedoen om te bepaal of 'n stel items een- of multidimensioneel is. Die items wat op elk van die 20 waardeterreine gedoen is, het afsonderlik gegroepeer. Op elk van hierdie 20 dimensies is 'n faktorontleding gedoen. Faktoranalises wat gedoen is, is gebasbeer op die eiewaardes (eigenwaarde) van die steekproefkovariansie tussen die veranderlikes (kyk Bylaag D). Faktoranalises is gedoen en is gebasbeer op die eiewaardes (eigenwaarde) van die steekproefkovariansie tussen die veranderlikes. Daar is wel gevind dat een en soms twee en by uitsondering drie items uit 'n waardeterrein swak gelaai was, dit wil sê kleiner as 0,3. Die volgende verklarings word hiervoor aangebied. In die faktoranalises het dit geblyk dat daar soms subskale gevorm is. 'n Voorbeeld hiervan is dat tyd en ruimte afsonderlik gegroepeer het en verhoudings verdeel het tussen verhoudings by die werk en tussen gesinslede onderling. Tweedens is gevind dat die konteks waarbinne die items op die skaal geplaas is, deelnemers beïnvloed het. Moontlike persoonlike voordeel vir die deelnemer kan ook moontlik die faktorontledings beïnvloed het. So word die 'afskryf uit 'n ander se werkstuk' as meer aanvaarbaar gesien teenoor die meer algemene konteks van integriteit en pornografia (kyk V49 & V52, Bylae C & D). Ten opsigte van intellektuele waardes word geleerdheid in die algemeen as baie belangrik beskou, maar wanneer dit onder andere voorkeur behandeling van geleerde vereis, word dit moontlik as van minder belangrik beskou (kyk V41- V45, Bylae C & D). 'n Konteks, wat bepaalde oopofferings van die deelnemers vereis, het ook soms die faktorladung beïnvloed. Die konteks rondom oortydwerk en die opruiming van parke het ook verskillende reaksies ontlok (kyk V137 & V125, Bylae C & D). Dit bevestig huis Jordaan en Jordaan (1984) se siening dat die mens in konteks (situasie) gesien moet word. Joubert (1986:184) se stelling dat waardes deur die konteks beïnvloed word, word ook hierdeur ondersteun.

Wat geldigheid en betrouwbaarheid betref kan die volgende genoem word. Cronbach se alfa-koëffisiënt is gebruik om interne betrouwbaarheid te bepaal. 'n Hoë interne betrouwbaarheid op 100 items is gevind, naamlik 0,914. Op elke terrein van waardes is daar ook 'n ITEMAN toets gedoen. Die alfa-koëffisiënt word later saam met die items aangedui. Inhoudsgeldigheid is verkry deurdat daar streng volgens die teorie gehandel is en deskundiges gebruik is om die inhoud van die items te evalueer. Volgens Mouton en Marais (1985:67-70) handel kriteriumgeldigheid oor die voorspelling van gedrag. Gelyktydige (samevallende) geldigheid word volgens Mouton en Marais (1985:70) verkry wanneer daar 'n verband tussen tellings op 'n meetinstrument en 'n kriteriumtelling is. Daar kon egter nog nie 'n data-insamelingstegniek (meetinstrument) wat die terreine van waardes meet, opgespoor word nie. Wat wel hierdie geldigheid verhoog, is die tendense van hierdie skaal wat ooreenstem met die resultate van die vooraf onderhoude wat gevoer is.

Uit hierdie statistiese verwerkings is konsekwentheidsbetrouwbaarheid en konstruktgeldigheid verkry. Die faktor-ontleding sowel as die inligting ten opsigte van Cronbach se alfa-koëffisiënt om betrouwbaarheid (Neuman, 1999:138-139) te verkry, is in Bylaag D uiteengesit.

NAVORSINGSMETODOLOGIE EN -PROSES

Die vraelyste wat waardeprioriteite bepaal

Frekwensies van die antwoorde op die Vraelys met geslote end vrae wat die belangrikheid/onbelangrikheid van waardeterreine bepaal, is verkry. Uit die antwoorde van die Vraelys met oop-end vrae is gesinsekologiese waardes en waarde-oriëntasies (as tweede-orde entiteite) afgelei en frekwensies is opgestel. Dit is gedoen deur inhoud-ontleding, betekenisontleding en kontekstuele ontledings. Die frekwensies van die afgeleide waardes is 'n aanduiding van die prioriteit van die waardes. Die resultate van die genoemde twee vraelyste word in Hoofstuk 8 weergegee en bespreek.

Die vraelyste om die oordra van waardes te bepaal

Frekwensies van die antwoorde op die Vraelys met geslote end vrae oor waardeterreine wat bepaal wie die twintig waardeterreine oordra (vorm of beïnvloed), is bereken. Uit die meganistiese wyse waarop vrae beantwoord is, is afgelei dat hierdie klassifikasie van waardes die deelnemers geforseer het om die oordra van die waardes na die 20 gesinsekologiese waardeterreine, aan persone te koppel. Deelnemersbetroubaarheid was dus hier in gedrang (Stewart, 1998:69).

'n Inhouds-ontleding van die antwoorde van die Vraelys met oop-end vrae oor die invloed vanveral persone, is deur die navorser, 'n psigometrikus, 'n jong volwassene wat bedryfsielkunde bestudeer en 'n berader van jong volwassenes, uitgevoer. Deur gebruik te maak van genoemde kundige persone is objektiwiteit (Stewart, 1998:72) en interkodeerde betrouwbaarheid verhoog (Neuman, 1997:138-139). Ontledings van die eerste-orde is gedoen om die data na waardes te herlei. Met 'n tweede-orde ontleding is genoemde waardes geklassifiseer in die 20 gesinsekologiese waardeterreine.

Die moontlikheid van die negatiewe navorsereffekte sowel as deelnemerseffekte soos Mouton (1996: 148-155) dit uiteensit, is deur hierdie 'oop-end vrae' verminder. Frekwensies is uit die data opgestel om 'n moontlike indikasie van wie of wat watter gesinsekologiese waardes oordra, aan te dui. Die doel hiervan was om die rol van die gesin in die oordra van die 20 gesinsekologiese waardeterreine vas te stel.

Ten opsigte van al die antwoorde op die verskillende vraelyste is die volgende procedures van belang om akkuraatheid te bevorder:

- Die navorser was betrokke by die ontledings van die deelnemers se stellings op al die vraelyste, om juistheid (waarheid) deur konsekwentheid, so ver moontlik te verkry.
- Tussen die navorser en drie ander persone, naamlik 'n psigometrikus, 'n jong volwassene en berader vir jong volwassenes was daar eenstemmigheid ten opsigte van die antwoorde. Waar nodig is groepsbespreking ten opsigte van die korrekte ontleding gedoen om objektiwiteit te bevorder (Stewart, 1998: 72-73) sowel as interkodeerde betrouwbaarheid (Neuman, 1997:138-139) te verkry. Hierna is die kodifisering deur die navorser gedoen. Deur middel van kodifisering is inhoudsegmente gekategoriseer en so sistematies herlei soos Glaser (1992: 38-88), Lonkila (1995: 42-48), Seidel en Kelle (1995: 60) asook Kelle (1997: 7-9,12) dit uiteensit.
- Twee assistente, wat die navorser opgelei het, het hierdie kodifisering oor en weer gekontroleer om akkuraatheid te verhoog. Nadat die data gekodeer is, en in die rekenaar vasgelê is, is dit weereens deur die navorser en die genoemde twee assistente

NAVORSINGSMETODOLOGIE EN -PROSES

gekontroleer vir foute. Sodoende is juistheid (waarheid) en objektiwiteit deur akkuraatheid verhoog (Stewart, 1998: 68-71).

3.10.3 Data-redusering tot meervoudige gevallestudie

Die antwoorde op die Vraelys met geslote end vrae oor waardeterreine wat bepaal wie die twintig waardeterreine oordra (vorm of beïnvloed), kon nie as betroubaar beskou word nie. Die rede daarvoor is die meganistiese aard van die antwoorde op die vraelys. Daar is dus verder net met die data uit die Vraelys met oop-end vrae oor die invloed vanveral persone gewerk.

Uit die verkreeë 154 antwoordstelle van laasgenoemde vraelys is vyf deelnemers, uit elk van die agt etniese groepe, wat die vrae volledig genoeg geantwoord het, geneem. Hierdie persone het die steekproef gevorm en het bestaan uit vyf persone uit elk van die agt genoemde etniese groepe. Daar kan dus van 'n soort meervoudige gevallestudie gepraat word (Yin, 1996: 240). Gelyke verteenwoordiging uit al die etniese groepe was nodig sodat die antwoorde op die oop-end vrae meer 'regverdig' vergelyk kon word, aangesien hierdie vergelyking op die aantal kere wat stellings na gesinsekologiese waardes (afgeleide waardes) verwys, berus. Hierdie data is na gesinsekologiese waardes herlei en frekwensies is bereken.

3.10.4 Verifiëring van data

Verdere individuele onderhoude, volgens die vereistes van Oakley (1981), Taylor en Bogdan (1984:77-104), Miller (1991:159), Seidman (1991:63-65), Fontana en Frey (1994:363-365), Kvale (1996:70, 105), Mouton (1996:155), Rubin en Rubin (1996:2), Babbie (1998:270) sowel as Botha (2001), is met deelnemers, moeders van jong volwassenes uit verskillende etniese groepe en kundiges gevoer. Onduidelikhede is uitgeklaar en die diepere betekenis van die inligting is, sover moontlik, blootgelê. Sodoende is van kruisvalidasie gebruik gemaak (Walker, 1985:4; Smaling, 1992). Die volgende aantal deelnemers en informante, uit die verskillende etniese groepe, wat aan die onderhoude deelgeneem het, word gerapporteer:

Deelnemers: Verdere gesprekke met deelnemers uit die verskillende etniese groepe:

Afrikaanssprekende Blankes	2
Tswanas	4
Xhosa	1
Zoeloes	2

Hierdie gesprekke is in sitkamers, wagkamers of ongebruikte kantore by die kollege en betrokke hospitaal gevoer.

Informante: Jong volwassenes uit verskillende etniese groepe:

Afrikaanssprekende Blankes (2 studente en 2 onderwyseresse)	4
Engelssprekende Blankes (1 onderwyseres en 1 psigometrikus)	2
Indiërs (studente)	6
Kleurling (huishulp)	1
Tswanas (huishulpe)	2
Zoeloes (1 student en 1 onderwyseres)	2

NAVORSINGSMETODOLOGIE EN -PROSES

Informante: Moeders van jong volwassenes uit verskillende etniese groepe:

Afrikaanssprekende Blankes (onderwyseresse)	2
Engelssprekende Blanke (onderwyseres)	1
Indiër (maatskaplike werker)	1
Kleurling (huishulp)	1
Sotho's (1 kerklike werker en 1 huishulp)	2
Tswanas (2 huishulpe, 2 dagmoeders)	4
Xhosa (huishulp)	1
Zoeloes (1 sendeling, 1 huishulp en 2 huisvroue)	4

Die gesprekke het by informele kuiergeleenthede by die kerk en by huise plaasgevind. Die navorsing is deel van 'n informele groep wat elke week bymekaar kom om kookkuns en naaldwerk te beoefen. Volgens Hammersley en Atkinson (1995:129, 139, 156) is hierdie spontane informele onderhoude baie waardevol. Die gesprek met die Kleurling moeder het in die Strand waar sy werk, plaasgevind.

Die gesprekke met die jong volwassenes, deelnemers en die moeders was daarop gerig om gedrag, houdings en gebruikte te bevestig, toe te lig en te begryp.

Informante: Kultuurkundiges in die veld:

Ten opsigte van die swart inheemse etniese groepe:

Blankes (Sendelinge)	3
Swartmense (Evangeliste, gidse en informante)	6

Ten opsigte van die Indiërs:

Indiërs (Sendeling, lektor by Kollege vir drama, Lenasia en buurvrou)	3
---	---

Die gesprek met die kundiges van die swart inheemse etniese groepe het in Mpumalanga, Gauteng sowel as in KwaZulu-Natal, waar hierdie persone woonagtig is, plaasgevind. Herhaalde opvolggesprekke het plaasgevind. Die gesprek met die Indiërs het in Gauteng plaasgevind.

Sorg is gedra dat die omstandighede vir die insameling van die data optimaal was (Mouton, 1996:148-160) deur veral rekening te hou met die vestiging van goeie vertrouensverhoudings en kontekstuele faktore soos kleredrag en etniese agtergrond. Sodoende was daar gepoog om juistheid (waarheid) en objektiwiteit (Stewart, 1998:68-73) te verhoog.

3.10.5 Individuele onderhoude: Tswanas en Afrikaanssprekende Blankes

Daar is 'n behoefte geïdentifiseer om meer inligting ten opsigte van die oordra van waardes binne die gesin te bekom. Gevolglik is besluit om individuele onderhoude met twee etniese groepe te hou. Die kriterium vir die keuse van die betrokke etniese groepe was die volgende:

- Die twee groepe wat graag inligting meedeel, beskikbaar en toeganklik is, moes verkry word.
- Twee kultuurgroepes moes verteenwoordig wees om die rol van verskillende agtergronde te kon bepaal.

NAVORSINGSMETODOLOGIE EN -PROSES

Hierdie deelnemers is volgens die teoretiese (*judgemental/purposive*) steekproef van Stoker (1989:121), Hammersley en Atkinson (1995:36), Babbie (1998:195-198), Welman en Kruger (1999) geselekteer. Op grond van bogenoemde kriteriums is daar besluit om van die Tswana en Afrikaanssprekende Blankes gebruik te maak.

Individuele onderhoude (Babbie & Mouton, 2001:289; Botha, 2001) is met deelnemers aan die hand van die gesinstaaktemas van Duvall en Miller (1985) gehou om meer inligting oor gesinstake, ontwikkelingstake en geïdentifiseerde prioriteitswaardes van die gesinsekologiese waardeterreine te bekom (kyk Bylaag I).

Die navorser het eers 'n loodsstudie gedoen met 'n vrywillige Afrikaanssprekende jong volwassene om seker te maak dat daar met vertroue gesprekke gevoer kon word. Daarna het 'n senior verpleegkundige die verdere onderhoude gereël. Persone wat maklik gesels is genader en vrywilligers het aangemeld. Aangesien hierdie deelnemers nie deel van die aanvanklike groep was wat by die vorige data-insameling betrokke was nie, is daar besluit om weereens waardeprioriteite in die oordra van waardes te meet. Die waardeprioriteite van die deelnemers aan die individuele onderhoude het met dié van die aanvanklike groep deelnemers ooreengestem. Daar was met vier Tswanasprekendes en drie Afrikaanssprekende Blankes gesprekke gevoer totdat min nuwe inligting na vore gekom het (Babbie & Mouton, 2001:288). Een van die Tswanasprekendes se data is verwerp aangesien dit later geblyk het dat sy hoofsaaklik tussen die Zoeloes groot geword het. Hierdie individuele onderhoude het weens praktiese oorwegings in 'n kantoor by die hospitaal plaasgevind en het ongeveer 'n uur elk geduur. Sommige van hierdie individuele onderhoude het tydens nagdiens plaasgevind terwyl ander tydens dagdiens uitgevoer was. Soos met al die individuele onderhoude is veldnotas geneem. Die data was kernagtig neergeskryf sodat dit nie steurend vir die deelnemers was nie. Hierdie data is direk na afloop van die onderhoude noukeurig oorgeskryf vir verdere ontleding.

Die volgende aspekte is in ag geneem met die persoonlike onderhoudvoering:

- Deur individuele onderhoudvoering is die moontlikheid vir geldige data verhoog aangesien die data geverifieer kon word asook om meer duidelikheid daaroor te kry (Miller, 1991:160; Seidman, 1991:17; Taraborrelli, 1995:180). Met die verwerking van die data en met die maak van afleidings en gevolgtrekkings was die navorser daarop bedag dat daar nie onnodige en dus moontlike verkeerde optredes en gevoelens in die data ingelees word nie. Daarom is interpretasies waar nodig weer met deelnemers gekontroleer (Taraborrelli, 1995:180). Sodoende is die werklikheid, naamlik kultuurgebonden waardegestuurde gedrag, beter begryp. Benewens formele antwoorde op vrae, was dit ook moontlik om op die nie-verbale aspekte soos onder andere algemene versorging, liggaamshouding en emosie, te let (Devault, 1990:108; Fontana & Frey, 1994:371).
- Die buigsaamheid en dinamika van onderhoudvoering is behou maar tog is daar deurentyd op die bereiking van die doel gefokus (Taylor en Bogdan, 1984: 77-104; Kvale, 1996:84). Die deelnemers is op afspraak in hul vrye tyd besoek. Sommige deelnemers wou ook staaltjies vertel oor hulle ondervindings en die navorser het dit toegelaat omdat dit verhoudings gebou het en die moontlikheid vir beter begrip gebied het. Sodoende was daar ook ruimte geskep vir nuwe inligting (Taraborrelli, 1995:185;

NAVORSINGSMETODOLOGIE EN -PROSES

Stewart, 1998:8), sonder om doelloos te werk. Wanneer die deelnemer egter te veel afgewyk het van die onderwerp, het die navorser baie subtel die deelnemer weer in die rigting van die bepaalde tema gestuur (Babbie & Mouton, 2001:289). Wanneer die deelnemer moeg voorgekom het, was daar opvolgsessies gereël.

- Die getal deelnemers sowel as die aantal onderhoude kon nie presies vooraf bepaal word nie. Indien 'n patroon van herhaling van inligting voorgekom het en min nuwe inligting na vore gekom het, het die navorser geweet dat die inligting volledig was en die steekproef voldoende was (Taraborrelli, 1995:180).
- Om misverstande by die deelnemers uit te skakel, het die navorser die deelnemers so volledig as moontlik (sonder om die navorsingsdata te benadeel) oor die motiewe en intensies van die navorsing ingelig (Kvale, 1996:111). Oprechte empatie en belangstelling in wat hulle sê in die onderhoude het ook gehelp om vertroue te skep en eerlikheid te bevorder (Kvale, 1996:105). 'n Ander aspek wat eerlikheid moontlik bevorder het, was die gewaarborgde anonimitet en vertroulikheid van die deelnemers. Die navorser het probeer om die menings, ondervindings en perspektiewe van die deelnemers te respekteer. Daarom het die navorser in haar onderhoud nie suggesties gemaak wat die deelnemers kon beïnvloed om iets anders as hulle eie gevoelens oor waardes weer te gee nie. Die navorser was veral daarop bedag om nie toe te laat dat morele beoordeling van gedrag die verloop van die gesprek beïnvloed nie (Smaling, 1989:156; Kvale, 1996:106). Daar was deurentyd gepoog om geen opmerkings wat die denke, gevoelens of optrede van die deelnemer beoordeel of veroordeel het, te maak nie, aangesien dit die openhartigheid van die gesprek sou kon beïnvloed.

Daar was 'n baie goeie verhouding tussen die navorser en die deelnemers en die terugrapportering van die senior verpleegkundige was "... hulle het dit almal baie geniet."

3.11 Finale data-ontleding

In die finale data-ontleding is frekwensies en gemiddeldes van die response verkry. Verder is die data met mekaar vergelyk om sodoende patronen en samehange uit te wys.

Na die bestudering van data-ontledingstegnieke deur verskeie navorsers (Krippendorff, 1980; Joubert, 1986:157-178; Jordaan & Jordaan, 1988:49-63; Glaser, 1992; Miles & Huberman, 1994:8-11, 245-286; Kvale, 1996; Maxwell, 1996:89-91; Yin, 1996; 250-257; Kelle, 1997; Babbie, 1998:386-402; Stewart, 1998; Welman & Kruger, 1999:201-202) is daar keuses ten opsigte van data-ontledingmetodes gemaak.

Die interpretatiewe ontleding is ook van belang in inhoud-ontleding van kwalitatiewe data (Miles & Huberman, 1994:8), maar kan ook van nut wees in kwantitatiewe data-ontleding (Forcese & Richter, 1981:185). Daarom het die interpretatiewe ontleding ook aandag geniet deur na verklarings vir gedragspatrone te soek.

In hierdie studie is die metodes van ontleding op die volgende data-insamelingstegnieke toegepas:

NAVORSINGSMETODOLOGIE EN -PROSES

Demografiese vraelys

Frekwensies is bereken ten opsigte van die verskillende demografiese faktore sodat verskille en ooreenkomste tussen die etniese groepe aangedui kan word. Genoemde verskille en ooreenkomste het as konteks gedien om waardeprioriteite, keuses in die oordra van waardes en waardegestuurde gedrag te bepaal. Stewart (1998:7) verwys na konteks sensitiwiteit wat sien op die individu se optrede teen die agtergrond van sy kulturele verwysingsraamwerk en die bepaalde situasie (konteks). Dit impliseer dat daar ook 'n kontekstuele ontleding (Jordaan & Jordaan; 1988:49-63) van die data gedoen is. Demografiese faktore soos die kulturele verskille tussen die etniese groepe, die spesifieke ouderdomsgroepe en die spesifieke beroepsgroep naamlik verpleegkundiges is as konteks (kontekstuele ontleding) altyd in aanmerking geneem.

Data-insamelingstegnieke wat waardeprioriteite en die oordra van waardes bepaal

Deur die opbreek ("fracturing") van data kon daar na kategorieë of patronen gesoek word (Maxwell, 1996:89). Dit is gedoen deur vergelykings tussen verskillende aspekte binne 'n kategorie sowel as tussen die verskillende kategorieë te maak. Op hierdie wyse is daar na patronen en ooreenkomste tussen die resultate van die verskillende data-insamelingstegnieke gesoek. Daar is onder andere na patrone en samehang tussen die volgende elemente gesoek:

- Demografiese faktore onderling.
- Gesinsekologiese waardes onderling.
- Gesinsekologiese waardeprioriteite en waardes wat oorgedra word.
- Gesinsekologiese waardeprioriteite, waardes wat oorgedra word sowel as gesins- en ontwikkelingstake.

Patroonvorming wat geïdentifiseer is en die verbande tussen veranderlikes wat ondersoek is, (Glaser, 1992:40; Richards & Richards, 1995: 80-95), dui op aspekte soos selfgerigtheid teenoor andergerigtheid en die rol van monetêre waardes. Sodoende kon die ware betekenis (betekenisontleding) en waardeprioriteite afgelei word. Betekenisontleding verwys dus na die hermeneutiese ontleding (Boubolz & Sontag, 1993:427; Prein & Kuckartz, 1995:154; Maxwell, 1996:75; Yin 1996:252) en het aangedui hoe die deelnemers betekenis aan waardes in hul eie lewens gee. Die gesinsekologiese perspektief onderskryf die belang van hermeneutiese ontleding aangesien dit tot intersubjektiewe (interpersoonlike) begrip kan lei (Bubolz & Sontag, 1993:427).

Deur deduktiewe redenering kon bestaande teorieë bevestig word en deur die induktiewe redenering kon daar na nuwe klassifikasies en teorieë gesoek word (Mouton, 1966:74-76). Retroduksie, as 'n vorm van induktiewe redenering (Mouton, 1996:74, 78), kon ook gebruik word om onder andere waardeprioriteite en die persone betrokke by die oordra van waardes te verklaar.

Die mate wat die data, verkry van die onderhoude met die deelnemers en informante, ooreenstem met die resultate van die skaal en vraelyste, is ook ondersoek. Volgens Alasuutari (1996:133-140) moet die interpretasies van data ook met die grondvlak (eerste wêreld) vergelyk word. Dit impliseer dat die teoretisering oor byvoorbeeld die waardes van 'n etniese groep ook aan die oordeel van die 'man op straat' (informante data) onderwerp word. Verder het die navorsing met kundiges gesprekke gevoer oor haar interpretasies en afleidings om sodoende dialogiese intersubjektiwiteit (Kvale, 1996:65) te verkry. Deur kruisvalidasie kon sekere data en afleidings dus bevestig word.

NAVORSINGSMETODOLOGIE EN -PROSES

Logiese argumentvoering vorm deel van die geldigheidsproses en daarom is dit deurgaans as 'n belangrike faktor in ontleding en sintese voorgehou deur gedurig gedagtes met kundiges te toets (Du Toit & Antonites, 1993:18). Verder is daar aandag gegee aan die holistiese beeld, konteks ontleding en kreatiewe sintese en aanbieding van die data. Daar kan dus met redelike sekerheid aanspraak gemaak word op oordeelkundigheid in die omgang met die data (Stewart, 1998:30,70).

Wat data-ontleding betref kan die volgende slotssom bereik word. Interpretatiewe (kwalitatiewe) data-ontleding kyk na bepaalde elemente op 'n geïsoleerde sowel as 'n gekombineerde wyse (Mouton, 1996:169). Mouton (1996:168) meen dat interpretatiewe (kwalitatiewe) data-ontleding onder andere gerig is op die volgende aspekte:


- Die verstaan van sosiale (waardegestuurde) gedrag en gebeurtenisse binne kontekste soos onder ander die kulturele gebruik.
- Die konstruering of sintese van 'teorieë' van die sosiale fenomene wat verband hou met die oordrag van waardes as gesinstaak.

4 OBJEKTIWITEIT, GELDIGHEID EN BETROUBAARHEID

Omdat kruisvalidasie 'n belangrike aspek van objektiwiteit, betroubaarheid en geldigheid is, is dit belangrik om die gebruik daarvan in hierdie studie weer te gee. Babbie en Mouton (2001:277) noem die volgende:

"... a quantitative study cannot be considered valid unless it is reliable, a qualitative study cannot be called transferable unless it is credible, and it cannot be deemed credible unless it is dependable."

Daar is dus 'n wisselwerking tussen die drie konsepte naamlik objektiwiteit (*confirmability*), betroubaarheid (*dependability*) en geldigheid (*trustworthy, transferable, credible*) en word in die onderstaande skematische voorstelling uitgebeeld.



FIGUUR 6.2: DIE WISSELWERKING TUSSEN OBJEKTIWITEIT, BETROUBAARHEID EN GELDIGHEID

5 KRUISVALIDASIE

Smaling (1992), Mouton (1996:111) en Neuman (2000:120,124) verwys na die verskeie vorme van kruisvalidasie (*triangulation*) en die navorsers dui in die onderstaande opsomming aan hoe dit in hierdie studie gebruik is.

NAVORSINGSMETODOLOGIE EN -PROSES

TABEL 6.3 :VORME VAN KRUISVALIDASIE IN HIERDIE STUDIE

Vorme	Meerdere gebruik
Teoreties	Oorweging van verskillende teoretiese perspektiewe. Oorweging van verskillende klassifikasies van waardes. Oorweging van verskillende definisies van konsepte.
Paradigmas	Kwalitatiewe en kwantitatiewe paradigmas is gebruik.
Waarnemers	Navorser, kundiges, deelnemers, informante.
Data-insamelings-tegnieke	Likert-tipe skaal Vraelyste Waarnemings vasgelê met veldnotas Individuele onderhoude en gesprekvoering
Data-ontleding	Inhoud-ontleding Konteksontleding Betekenisontleding Beskrywende statistiek Faktorontledings

Ten slotte is daar in hierdie studie van die navorsingswêreld na die sosiale wêreld beweeg om resultate te verkry en daarna is die resultate weer terug na die navorsingswêreld geneem om bepaalde interpretasies te maak (Mouton, 1996:26).

6 SLOTOPMERKINGS

In hierdie hoofstuk is daar aan die verskillende paradigmas aandag gegee. Die steekproef en die data-insamelingstegnieke wat in hierdie studie gebruik is, is bespreek. Verder is daar ook na die etiek rondom navorsing verwys. Laastens is daar verwys na die verskillende metodes van data-ontleding wat gebruik is.

In die insameling van getuienissoorte is dit duidelik dat die verskillende data-insamelingstegnieke mekaar ondersteun. Sodoende was daar gepoog om soveel as moontlik metodologiese navorsingsfoute uit te skakel om die betroubaarheid, geldigheid en objektiwiteit van die studie te verhoog. In hierdie studie is daar ook aandag aan kruisvalidasie gegee.



HOOFTUK 7

'N OORSIG VAN DIE LEEFWÊRELD VAN DIE DEELNEMERS

- 1. INLEIDING**
- 2. ETNIESE- EN OUDERDOMSVERSPREIDING**
- 3. HUWELIKSTATUS**
- 4. GELOOF**
- 5. GESIN VAN OORSPRONG**
- 6. KONTEKSTUELE ANALISE EN GEVOLGTREKKING**
- 7. SLOTOPMERKING**

HOOFSTUK 7

‘N OORSIG VAN DIE LEEFWERELD VAN DIE DEELNEMERS

1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die leefwêreld van die deelnemers bespreek. Dit word gedoen aan die hand van inligting wat verkry is uit:

- Onderhoude wat gevoer is in die eksploratiewe navorsingstadium,
- antwoorde op die demografiese vraelys,
- onderhoude met deelnemers (kyk Tabel 6.2, Hoofstuk 6),
- onderhoude met informante (kyk Tabel 6.2, Hoofstuk 6) en
- besoeke wat die navorsing aan verskeie etniese groepe se huise en huisgesinne gebring het.

In hierdie hoofstuk word die volgende aspekte hanteer:

- Die deelnemers se etniese en ouderdomsverspreiding, huwelikstatus en geloof.
- Die gesinsamestelling, opvoedingspeil, asook woonarea en -gebiede van die deelnemers se gesin van oorsprong.

Die doel is om slegs in breë trekke agtergrondsinligting oor die tipe leefwêreld van die deelnemers te gee en so die data rondom waardeprioriteite en die oordra van waardes in ‘n bepaalde konteks te plaas (Ackroyd & Hughes, 1992).

2 ETNIESE- EN OUDERDOMSVERSPREIDING

Etniese groepe se kulturele gebruik en gedragspatrone kan van mekaar verskil en hierdie verskille het implikasies vir onder andere demografiese faktore. Hierdie verskille kan waardeprioriteite van die verskillende etniese groepe beïnvloed.

Voortaan sal, in die tabelle wat volg, na die Afrikaanssprekende en Engelssprekende Blankes as Afrikaans en Engels onderskeidelik verwys word. Die Kleurlinge was oorwegend Afrikaanssprekend. Ter wille van eenvormigheid sal die enkelvoud van die etniese groep, byvoorbeeld Kleurling, in die tabelle wat volg gebruik word. Die etniese- en ouderdomsgroepe van die deelnemers word in alfabetiese volgorde in Tabel 7.1 en die daaropvolgende tabelle in die hoofstuk weergegee.

TABEL 7.1 : DIE OUDERDOMSVERSPREIDING VAN DIE DEELNEMERS PER ETNIESE GROEP

Etnisiteit	18-20 jaar	21-25 jaar	26-30 jaar	Totaal
Afrikaans	16	9	0	25
Engels	3	3	0	6
Kleurling	4	7	4	15
Indiër	7	4	0	11
Sotho	6	15	10	31
Tswana	1	12	8	21
Xhosa	1	3	5	9
Zoeloe	6	15	15	36
Totaal	44	68	42	154

'N OORSIG VAN DIE LEEFWERELD VAN DIE DEELNEMERS

Uit Tabel 7.1 kan die volgende afleidings ten opsigte van ouderdom van die ondersoekgroep gemaak word:

- Die grootste persentasie van die ondersoekgroep lê tussen die ouderdomme 21 tot 25 jaar.
- Etniese groepe verskil ten opsigte van bogenoemde verspreiding.

Die volgende tendense ten opsigte van die etniese groepe in die ondersoekgroep is waargeneem:

- Die Afrikaanssprekende Blankes val grotendeels in die groep tussen 18 en 20 jaar.
- Die Engelssprekende Blankes val ewe veel in die groepe tussen 18 - 20 en 21-25 jaar.
- Geen Indiërs, Engelssprekende en Afrikaanssprekende Blankes is ouer as 25 jaar nie.
- Die Kleurlinge se ouderdomsverspreiding vertoon die naaste aan die algemene verspreiding van die totale groep.
- Die Tswanas, Sotho's, Zoeloës en Xhosas se ouderdomsverspreiding lê hoofsaaklik na die ouer kant met feitlik gelyke verspreiding tussen die ouderdomme 21-25 en 26-30.

Dit blyk dat die Tswanas, Zoeloës, Sotho's en Xhosas veel ouer as die ander groepe is wanneer hulle die beroepswêreld betree. Moontlike redes hiervoor is dat hulle ouer as die ander groepe is wanneer hulle skooltoe gaan, matrikuleer of dat hulle meer dikwels 'n studiejaar moet herhaal weens verskeie omstandighede. Hierdie verklaarings word deur een van die lektore bevestig.

3 HUWELIKSTATUS

Dit is belangrik dat daar kennis van die huwelikstatus geneem word aangesien 'n persoon se waardeprioriteite moontlik hierdeur beïnvloed kan word. Daarom word die volgende gegewens in Tabel 7.2 gerapporteer.

TABEL 7.2: DIE HUWELIKSTATUS VAN DIE DEELNEMERS PER ETNIESE GROEP

Etnisiteit	Ongetroud	Ongehude moeder	Getroud	Getroud met kinders	Totaal
*Afrikaans	20	0	4	0	24
Engels	6	0	0	0	6
*Kleurling	9	3	1	1	14
Indiër	11	0	0	0	11
Sotho	23	2	2	4	31
Tswana	10	7	3	1	21
Xhosa	3	2	2	2	9
Zoeloe	23	7	2	4	36
Totaal	105	21	14	12	152

*Een Kleurling en een Afrikaanssprekende Blanke is geskei.

‘N OORSIG VAN DIE LEEFWERELD VAN DIE DEELNEMERS

Die verskille in huwelikstatus van die deelnemers kan moontlik implikasies vir gesinsvorme, -rolle en -funksies en uiteindelik waardeprioriteite hê. Hierdie implikasies sal later in die studie verder bespreek word. Die volgende afleidings kan uit Tabel 7.2 gemaak word:

- Uit die 154 deelnemers is daar 20 ongehude moeders. Volgens Haralambos en Holborn (1995:349) asook Codrington (2001a) is die voorkoms van enkelouers wêreldwyd aan die toeneem.
- Soos met die ouerdomme is daar ten opsigte van ongehude moeders verskille tussen die etniese groepe. In hierdie studie is daar geen ongehude moeders onder die Blanke en die Indiërs nie, terwyl dit wel onder die Kleurlinge en Swart etniese groepe voorkom. Dit kan daarop dui dat ongehude moeders meer onder hierdie etniese groep geduld word as byvoorbeeld by die Blanke en Indier groepe (kyk Tabel 7.2). Ander studies het ook hierdie verskille tussen etniese groepe gevind (Social Trends, 1992:42).

Die tendense in Tabel 7.2 bring die volgende implikasies na vore: Enkelouers moet dikwels die rol van beide ouers (moeder en broodwinner) in die gesin vertolk. Verder het die uitstel van huwelike bepaalde implikasies vir die gesin en die individu. Genoemde tendense sal vervolgens bespreek word.

3.1 Uitstel van huwelike

Volgens Bigner (1983:112) kan drie moontlike redes aangevoer word waarom huwelike uitgestel word:

3.1.1 Die belangrikheid van ‘n beroep

Die belangrikheid van ‘n beroep impliseer dat die beroepswaardes ‘n prioriteit, bo ander waardes wat byvoorbeeld op ‘n huwelik uitloop, kan wees. Bigner (1983:112-113) noem verder dat behoeftes wat dui op liggaamlike, emosionele en sosiale waardes onder andere aanleiding tot huwelike kan gee. So gesien sal beroepswaardes belangriker wees as waardes wat aan die huwelik gekoppel is. Deelnemers se antwoorde bevestig hierdie siening. Twee Afrikaanssprekende Blanke deelnemers het in die onderhoude die volgende genoem:

“... my pa sê ek moet eers ‘n werk hê (voordat ek trou).”

“... ek moet eers bekwaam wees (voordat ek trou).”

3.1.2 Die behoefte aan die vestiging van ‘n eie identiteit

Dit is moontlik dat die jong volwasse vrou eers haar identiteit as verpleegster (beroeps vrou), suksesvolle intellektuele volwassene en onafhanklike individu wil vestig. So gesien geniet identiteit (selfwaardes) dus prioriteit bo waardes wat aan die huwelik gekoppel is. Hierdie redenasie kan verder gevoer word na die keuse om op hierdie stadium kinderloos te wees. Eshleman (1994:412) noem dat daar ‘n verband tussen professionele vroue en kinderloosheid bestaan. Redes hiervoor is onder andere die gekompliseerde en beperkende lewenstyl wat kinders vra. Dit impliseer onder andere dat ontspanning ook moontlik ingeperk kan word. Hieruit kan moontlik afgelei word dat waardes soos byvoorbeeld selfwaardes en ontspanningswaardes belangriker is as waardes wat met die voortbring van kinders in verband gebring word. ‘n Deelnemer bevestig die belangrikheid van identiteit:

‘N OORSIG VAN DIE LEEFWERELD VAN DIE DEELNEMERS

“... ek moet my eie identiteit kry voor ek kan dink aan trou.”

3.1.3 Verhoogde lewenskoste

Verhoogde lewenskoste kan ook lei tot die uitstel van ‘n huwelik. Dit wil sê ekonomiese waardes, wat die oorweging van verhoogde lewenskostes insluit, is moontlik belangriker (of noodsaakliker) as die waardes wat aan ‘n huwelik gekoppel is. Eshleman (1994:408) noem dat ekonomiese waardes daartoe kan lei dat die huwelik en die voortbring van kinders uitgestel word. Eshleman se gevolg trekking word deur die volgende reaksie van ‘n deelnemer bevestig:

“... daar is nie geld om nou te trou nie ...”

Benewens die drie redes wat Bigner (1983:111) genoem het, voer die navorser die volgende verdere moontlike redes aan.

3.1.4 Die verantwoordelikhede teenoor die gesin van oorsprong

Sommige deelnemers kan moontlik besluit dat die verantwoordelikhede teenoor die gesin van oorsprong eers aandag moet kry voordat hulle in die huwelik tree. Om verantwoordelik te voel teenoor die gesin van oorsprong, is wel in hierdie studie gevind en dui hoofsaaklik op sosiale waardes en/of ‘n selfopgelegde verantwoordelikheid wat aan morele en/of kulturele waardes toegeskryf kan word. In die onderhoude het die deelnemers van die Swart etniese groepe gemeld dat hulle finansiële bydraes aan hulle gesinne van oorsprong maak. Hierdie siening word onder andere ook deur die Tswana moeders (informante) wat ondervra is as ‘n kulturele gebruik bevestig:

“Ons kinders moet agter ons kyk ...” (impliseer veral finansiële en liggaamlike versorging). Hierdie verantwoordelikheid van kinders teenoor ouers kon slegs tot ‘n mindere mate by Blanke Afrikaanssprekende deelnemers vasgestel word. As gevolg van die werkloosheid en die verswakte ekonomiese toestand kan jong volwassenes al hoe meer ‘n verantwoordelikheid teenoor hul ekonomies sukkelende ouerservaar. Een van die Afrikaanssprekende deelnemers het die volgende stelling gemaak:

“... ek wil eendag baie geld verdien om vir my ma te sorg want sy kry swaar ...” (verwys na finansiële posisie).

3.1.5 Die kulturele voorskrifte

Kulturele voorskrifte soos *lobola* onder die Swart etniese groepe kan groot finansiële implikasies hê. Sommige van die Tswana deelnemers wat in die onderhoude genader is, het aangedui dat die prys van *lobola* soms so hoog is dat die huwelik vir jare uitgestel moet word of dat twee persone met ‘n ‘saamwoonverhouding’ voortgaan sonder om wetlik getroud te wees. Hier kan die afleiding gemaak word dat die kulturele waardes (ten opsigte van *lobola*) ‘n prioriteit is en gerespekteer word, bo die wettiese (regswaardes), soos om wetlik getroud te wees. Afrikaanssprekende Blankes het nie kulturele vereistes soos *lobola* nie, maar van die deelnemers het tog aangedui dat hulle eers geld wil spaar voordat hulle trou. Hierdie geld sal dan gebruik word om vir die inrig van ‘n eie tuiste en die huweliksonthaal te help betaal. Dit is eie aan Blankes se kultuur om ‘n huweliksonthaal te hê aangesien dit blyk dat dit ‘n bepaalde sosiale status het.

'N OORSIG VAN DIE LEEFWERELD VAN DIE DEELNEMERS

Volgens Bigner (1983:111) is daar kulturele voorskrifte/rolverwagtings en druk om te trou wanneer volwassenheid bereik word. Hierdie druk kan tot 'n mindere mate ervaar word wanneer eksterne faktore soos, die beroepsgerigtheid van die vrou, negatiewe ekonomiese toestande en die ongebalanseerde ratio tussen die geslagte, voorkom (Eshleman, 1994:83, 384). Hieruit kan afgelei word dat eksterne faktore soos ekonomiese toestande kulturele verwagtings/voorskrifte en waardeprioriteite kan beïnvloed.

3.1.6 Aanvaarbare gedrag

Kulturele 'aanvaarbare gedrag' soos saamwoonverhoudings en ongehude moederskap kan die voltrekking van 'n huwelik beïnvloed. Sommige etniese groepe se kulture is meer verdraagsaam ten opsigte van buite-egtelike swangerskappe. 'n Tswana en Zoeloe deelnemer bevestig dit met hierdie woorde:

"We are more tolerant than you white people." (Verwys na ongehude moeders).

"We accept it more than you people do." (Verwys na ongehude moeders).

Omdat hierdie dus meer 'aanvaarbare gedrag' vir sommige etniese groepe is, het die jong volwasse die opsie om te trou of nie te trou nie.

Dit blyk dat voorhuwelikse swangerskappe in sommige kulture meer aanvaarbaar is, maar nogtans word dit, as sosiale gebruik, afgekeur. Uit stellings van twee Tswana deelnemers het dit geblyk dat ongehude moeders nie die wenslike is nie. Die volgende stellings bevestig dit:

"... my parents will not be impressed ..."

"... you are damaged ... then they (skuldige mans) must pay more for lobola ..."

Hierdie stellings wys op die afkeuring van genoemde gedrag en die ondermyning van morele waardes. Trollip (1991:167) verwys na spesifieke kleredrag van Swart inheemse etniese groepe waaraan die ongehude moeder uitgeken kan word.

In hierdie studie en in die van Harvey (1992:40) kom ongetroude moeders meer onder die Kleurlinge en Swart etniese groepe as die ander etniese groepe voor. Die rede hiervoor lê moontlik op die sosio-ekonomiese terrein. Eshleman (1994:400-401) meen dat meer ongetroude moeders in die laer sosio-ekonomiese klasse voorkom. Dit blyk dus dat ongehude moeders 'meer aanvaarbaar' in sekere sosio-ekonomiese klasse is. Ten spyte van 'n groeiende persentasie ongetroude moeders, is ongehude moeders nie die ideale situasie nie (Bigner, 1983:76; Eshleman, 1994:400; Haralambos & Holborn, 1995:349). Hierdie tendens van 'n minder ideale situasie wat genoemde navorser waargeneem het, word deur hierdie studie bevestig.

Die volgende redes vir die voorkoms van ongehude moeders is moontlik die volgende:

- Seksuele rypwording en liggaamlike behoeftes plaas moontlik 'n groot druk op die waardes van die jong volwassene. Seksuele behoeftes kan dus groter wees as tradisionele morele en kulturele waardes.
- Die behoefte aan erkenning as volwassene word as 'n rede aangevoer vir swangerskap. Volgens 'n Kleurling moeder van veertig jaar sowel as 'n Zoeloesprekende deelnemer raak tienerdogters swanger omdat hulle hul volwassenheid wil toon en noem die volgende:

'N OORSIG VAN DIE LEEFWERELD VAN DIE DEELNEMERS

"... hulle wil wys hulle is groot en kan kinders kry ..."

"...this (buite egtelike swangerskap) is to prove that they are grown-up."

- Die vrou word moontlik gesien as ondergeskik aan die man en daarom word sy soms misbruik vir sy seksuele behoeftes. Die seksuele misbruik van jong dogters kan ook tot swangerskappe lei. Hierdie gedrag kan die jong volwasse vrou se selfbeeld benadeel en die belangrike rol wat die selfwaarde in haar lewe moet speel kan dus geaffekteer word.

3.2 Werkende moeders

Ten spye van moeilike werksomstandighede is sommige van die jong volwassenes getroud (of ongetroud) met kinders. Volgens die deelnemers bly hierdie kinders by die ouma en 'n deelnemer noem die volgende: **"... daar word elke maand geld huis toe gestuur."** Hieruit kan afgelei word dat die beroepswaarde moontlik belangriker is as die samehorigheid van die gesin. Verder is dit deel van die tradisionele kultuur van die Swart inheemse etniese groepe dat die ouma na die kleinkinders omsien. 'n Ander moontlike rede is dat finansiële nood die moeder verplig om te werk.

Gevolgtrekking

'n Belangrike afleiding wat ten opsigte van die huwelikstatus gemaak kan word is dat ten spye van moeilike ekonomiese en sosiale omstandighede hierdie jong volwasse vroue bereid is om opofferings te maak sodat hul beroep (beroepswaarde) en eie behoeftes, identiteit en individualiteit (selfwaarde) voorkeur kan kry. Die belangrikheid van kulturele, selfwaardes en beroepswaardes kan dus deur genoemde keuses van die deelnemers bevestig word.

4 GELOOF

Die Christelike geloof is by verre die sterkste onder hierdie groep jong volwasse vroue verteenwoordig. In die Sotho-, Xhosa- en Zoeloe groep was daar in elkeen van hierdie etniese groepe slegs een persoon wat aangedui het dat sy aan geen geloofsgroep behoort nie. Een van die Kleurlinge het aangedui dat sy 'n Moslem is. Die situasie by die Indiërs is egter verskillend aangesien nege uit die 11 deelnemers tot die Hindugeloof behoort. Die ander twee het aangedui dat hulle Christene is.

Dit is belangrik om die aard van geloofsoortuigings vas te stel aangesien geloof 'n belangrike element van die gesin se optredes is (Eshleman, 1994:107) en ook voorskriftelik vir waardeprioriteite kan wees. In die volgende hoofstuk sal daar aandag aan geloof gegee word wanneer prioriteitswaardes bespreek word.

5 GESIN VAN OORSPRONG

Aangesien die gesin belangrik is wanneer dit by gesinstake, individuele ontwikkeling en waardeprioriteite kom, is dit ook van belang om na sekere aspekte van die gesin van oorsprong kennis te neem. Hierdie aspekte is die gesinsamestelling, die opvoedingspeil van die hoof van die gesin, die opvoedingstyl van die ouers en laastens die woongebiede wat na

'N OORSIG VAN DIE LEEFWÈRELD VAN DIE DEELNEMERS

veral landelike en stedelike gebiede verwys (Kohn, Slomczynski & Schoenbach, 1986; Feldman, Rosenthal, Mont-Reynaud & Leung, 1991). Ander aspekte wat bespreek sal word, maar nie in die demografiese vraelys na vore gekom het nie, is die gebruik van ruimte in en om die huishouding. Hierdie aspek is nagevors toe die navorsers verskillende tipe huise en omgewings van verskillende etniese groepe besoek het.

5.1 Gesinsamestelling

Harvey (1992:8), Haralambos en Holborn (1995:346-348) sowel as Eshleman (1994:79-95) noem dat die woonarea (soos die streek, landelik of stedelik), die organisering binne die gesinstruktuur, geloofs- en kulturele verskille, sosio-ekonomiese status en selfs die ratio tussen die verskillende geslagte, die gesinsamestelling kan beïnvloed.

Uit die demografiese vraelys het die volgende gegewens na vore gekom:

- Van die Afrikaanssprekende Blanke deelnemers het 20 uit die 25 deelnemers in 'n gesin met beide ouers groot geword.
- Van die Engelssprekende Blankes het vyf uit die ses deelnemers in 'n gesin met beide ouers groot geword. Een Engelssprekende Blanke deelnemer het in 'n kinderhuis grootgeword.
- Sewe van die 15 Kleurling deelnemers het nie by beide ouers grootgeword nie.
- Tien uit die 11 Indiërs het in 'n gesin met beide ouers groot geword. Die Indiërs kom almal uit kerngesinne. Navorsing het aangetoon dat oumas en oupas by Indiërgesinne inwoon (Maxwell & Naidoo, 1991; Harvey, 1992:19; Moodley, 1993). Uitgebreide gesinne is dus 'n algemene verskynsel onder hierdie etniese groep. Hierdie studie kon nie die navorsing van die bogenoemde navorsers bevestig nie.
- Wat die Sotho deelnemers betref, kom 20 uit die 31 deelnemers uit gesinne waar beide ouers teenwoordig was.
- Die Tswana deelnemers het genoem dat 17 uit die 21 deelnemers uit gesinne waar beide die ouers teenwoordig was, kom.
- Wat die Xhosa deelnemers betref kom vyf uit die nege deelnemers uit gesinne waar beide ouers teenwoordig was.
- Die Zoeloe deelnemers het genoem dat 18 uit die 36 uit gesinne kom waar beide ouers teenwoordig was.
- Byna die helfte van die deelnemers uit die Swart bevolkingsgroepe en Kleurlinge het by slegs die ma of die ouma gewoon. Uit genoemde groepe het 50% van die deelnemers glad nie kontak met die ander ouer (byna altyd die vader) gehad nie. Die 'afwesige vader' blyk dus letterlik 'n redelik algemene verskynsel in hierdie gevalle te wees. Hierdie tendens van die 'afwesige vader' kom volgens Haralambos en Holborn (1995:319) sowel as Browning (1999), wêreldwyd voor. Wat die Afrikaanssprekende Blankes betref, kom vyf van die 25 deelnemers uit gebroke gesinne. Slegs een van die vyf het geen kontak met die ander ouer nie.

In die onderhoude met die deelnemers het die volgende aspekte ten opsigte van gesinsamestelling na vore gekom:

- Die inheemse Swart etniese groepe beskou die inwoon van die ouma en/of oupa by die gesin, in sommige gevalle, ook as deel van die gesin. Daar is dus verskille in die beskouing van die deelnemers oor presies wat met 'kerngesin' bedoel word.

'N OORSIG VAN DIE LEEFWERELD VAN DIE DEELNEMERS

- Huishulpe wat veral by Blanke gesinne werksaam is, is soms 'deel' van die huishouding en help met die oordra van waardes. Die volgende stelling van 'n gegoede Afrikaanssprekende Blanke deelnemer en informant (jong volwassene) bevestig dit:

"... Lea het ons help grootmaak ... sy het winkel-winkel met ons gespeel ... sy het ons gewys watter klere pas bymekaar ... as ons gehuil het, het sy ons getroos ... sy was deel van die gesin."

" ... sy (huishulp) het saam met vakansie gegaan ... sy het vir ons leer sing."
- Gesinne waar die vrou (ma of ouma) aan die hoof van die gesin staan, is 'n bekende verskynsel en staan bekend as moedergesinne. Familielede staan dikwels hierdie vroue in hulle gesinstaak by (Haralambos & Holborn, 1995:319, 354). Moedergesinne kom ook onder Swart gesinne in die Verenigde State van Amerika voor (Liebow, 1967:152-153; Haralambos & Holborn, 1995:319, 354).

Die navorsers het verdere navrae ten opsigte van gesinsamestellings onder die volgende etniese groepe gedoen: Tswanas, Sotho's, Xhosas en Zoeloes. Die volgende aspekte kom nie spesifiek in die demografiese vraelyste na vore nie, maar wel in onderhoude met informante en deelnemers en moet van kennis geneem word sodat die kulturele konteks beter verstaan word:

- In sommige gevalle is die ouma deel van die huishouding en versorg die kinders terwyl die ma en/of pa in stedelike gebiede werk en net af en toe die gesin besoek. Sommige deelnemers het aangedui dat hulle na 'n koshuis moes gaan om hul hoërskool opleiding te voltooi. Hulle was dus net gedurende vakansies 'deel van die gesin.' Daar kan dus van 'n 'vloeibare' gesinsamestelling gepraat word.
- In sommige landelike gebiede werk die mans vir maande in die stede en besoek die huis een of twee keer per jaar. Gevolglik moet die vroue die hele huishouding en opvoeding van die kinders hanteer. As gevolg van onder andere ekonomiese faktore staan vroue saam en help mekaar met die plant van oeste, die versorging van diere, kinderopvoeding en algemene gesinstake. Hierdie vroue vorm 'n saamwerkeenheid wat eienskappe van unies toon. Daar is ordereëls, gedragsvoorskrifte, werkverdeling, finansiële en emosionele ondersteuning sowel as kontrole wat uitgeoefen word.
- In sommige tradisionele Afrika kulture word poligamie somtyds beoefen. Dit beteken dat mans meer as een vrou het. Die navorsers het sulke gevalle onder die Zoeloes waargeneem. Haralambos en Holborn (1995:319) bevestig dat hierdie tipe gesinne ook in ander dele van Afrika voorkom. Verskeie vroue en jong volwasse kinders van een vader, werk saam om die huishouding en versorging van die kinders te hanteer.

Uit bovenoemde gegewens kan afgelui word dat kultuur en moontlik ook sosio-ekonomiese omstandighede gesinsamestellings beïnvloed. Kulturele en ekonomiese waardes dra dus by tot die organisering van die gesinstrukture en gesinsamestelling.

Gesinssamestelling is van belang wanneer die persone betrokke by die oordra van waardes bespreek word. In Hoofstuk 9 word hierdie aspek hanteer.

‘N OORSIG VAN DIE LEEFWERELD VAN DIE DEELNEMERS

5.2 Opvoedingspeil van gesinshoof

Die sosio-ekonomiese status van ‘n gesin word onder andere bepaal deur die opleidingsvlak van die hoof van die gesin. Die demografiese vraelys het die volgende inligting omtrent die opvoedingspeil van die gesinshoof weerspieël. Die eerste kolom wat graad 4 aandui, sluit ook geen opleiding in.

**TABEL 7.3 : DIE OPVOEDINGSPEIL VAN DIE GESINSHOOF
VAN DIE DEELNEMERS PER ETNIESE GROEP**

Etnisiteit	Geen tot graad 4	Graad 5-11	Graad 12	Tersiêr	Totaal
Afrikaans	0	5	9	11	25
Engels	1	1	1	3	6
Kleurling	2	6	2	5	15
Indiér	0	4	6	1	11
Sotho	6	15	4	6	31
Tswana	4	6	6	5	21
Xhosa	0	4	4	1	9
Zoeloe	11	14	7	4	36
Totaal	24	55	39	36	154

Uit Tabel 7.3 kan afgelei word dat die Swart inheemse bevolkingsgroepe naamlik die Tswanas, Sotho’s, Zoeloës en Xhosas se gesinshoofde ‘n laer opvoedingspeil as die Blankes en Indiërs het.

Die opvoedingspeil van die gesinshoof kan waardes op die volgende wyses beïnvloed:

- ‘n Lae of hoë opvoedingspeil kan die belangrikheid van opleiding laat ervaar en kan daarom ‘n hoë premie op intellektuele waardes (Ford, 1993; Codrington, 2001a) vir kinders plaas. Hierdie siening is deur sommige van die deelnemers in die onderhoude bevestig. Die volgende aanhalings bevestig dit:
“... study to have a better life.”
“... my father is a doctor ... now I am studying.”
- ‘n Lae opvoedingspeil kan in sommige gevalle moontlik ‘n belewing van ‘gelate aanvaarding’ meebring en dus sal die ouer(s) nie genoegsaam pogings aanwend om hul kinders se opvoeding (intellektuele waardes) te probeer verbeter nie. ‘n Kleurlingvrou het die volgende opmerking gemaak:
“... ons (Kleurlinge) moet sorg vir die werkers (handearbeiders). Ons kan ons nie kom hoog hou nie. Waar sal die werkers dan vandaan kom?”
- Haralambos en Holborn (1995:758) noem dat sosio-ekonomiese klasse ‘n invloed op die behoefte aan geletterdheid (intellektuele waardes) kan hê. Daar kan ‘n behoefte, om in dieselfde sosio-ekonomiese klas as die res van die gesin te wees, ontstaan. ‘n Rede hiervoor is onder andere omdat dit tot vervreemding kan lei indien kinders deur verdere studies bo hulle gesinslede en portuurs uitstyg.

'N OORSIG VAN DIE LEEFWERELD VAN DIE DEELNEMERS

- 'n Lae opvoedingspeil kan ook implikasies vir ekonomiese waardes hê. 'n Persepsie kan ontstaan dat kinders vir hulle eie finansiële versorging (ten opsigte van studies) verantwoordelik is. 'n Oplossing wat drie van die Tswanasprekende deelnemers (wat uit huise kom waar die ouers of ouma 'n lae geletterdheidsvlak het) genoem het, is dat hulle onder andere verpleging as beroep gekies het omdat hulle 'n salaris verdien terwyl hulle studeer.
- 'n Hoë opvoedingspeil van ouers kan tot 'n beter inkomste lei en gevolglik kan 'n beter opvoeding aan kinders voorsien word (Haralambos & Holborn, 1995:760). Die jong volwassene is dan in 'n beter posisie om na graad 12 verder te studeer vir die beroep van sy keuse. Op hierdie wyse word die ekonomiese, intellektuele en beroepswaardes betrek.
- Opvoedingspeil kan ook implikasies vir verhoudingswaardes hê. Volgens Haralambos en Holborn (1995:758) wil kinders nie graag minder geleerd as hulle ouers wees nie. Die rede hiervoor is die vrees vir sosiale degradering en gebeur wanneer kinders 'n laer opvoedingspeil as hulle ouers het en minderwaardig voel.
- Die beroep van die ouers kan ook moontlik die keuse van die jong volwassene beïnvloed. Daar is dus 'n moontlikheid dat dit minder selfstandige besluite van die jong volwassene vra indien sy dieselfde beroep as haar ouers wou beklee. Daar is dus navraag gedoen na die beroep wat die ouers beklee. Een van die deelnemers het aangedui dat haar ouers in 'n mediese rigting gekwalifiseer is. In genoemde geval kon sy moontlik verpleging as beroep gekies het aangesien sy moontlik met die betrokke ouer geïdentifiseer het. Op hierdie wyse is selfwaardes (identifikasie) by beroepswaardes betrek.

Uit die bostaande bespreking blyk dit dat die opvoedingspeil van die ouers verhoudings-, self-, ekonomiese, intellektuele en beroepswaardes kan beïnvloed.

5.3 Opvoedingstyl

Wat opvoedingstyl betref moes die jong volwassene sy jeugjare evalueer ten opsigte van modern tot konserwatief en liberaal tot tradisioneel. Hierdie vraag was deel van die demografiese vraelys en antwoorde moes op 'n Likert-tipe skaal aangedui word. Die doel van hierdie vraag was om moontlike verklarings vir byvoorbeeld kulturele waardes te gee. Baie deelnemers het nie hierdie vraag beantwoord nie en by nadere ondersoek (onderhoude) is die volgende redes aangevoer:

- Daar was onsekerheid oor wat presies bedoel word met modern, liberaal, konserwatief en tradisioneel.
- 'n Onvermoë om die opvoedingstyl van die ouers te beoordeel.

Met agneming van bostaande gegewens is daar besluit om die antwoorde op hierdie vraag te ignoreer.

5.4 Woongebiede

Die woongebiede en woonarea is belangrik aangesien dit die gedrag (Altman, 1975; Bechtel, 1987:191-214; Jordaan & Jordaan, 1988:687; Feldman *et al*, 1991) en die waardeprioriteite

'N OORSIG VAN DIE LEEFWERELD VAN DIE DEELNEMERS

van 'n persoon kan beïnvloed. Volgens Haralambos en Holborn (1995:348) sowel as Hybels (2000) word sekere streke ook aan gedragspatrone en gevvolglik waardeprioriteite gekoppel. Om hierdie redes is dit belangrik om die woongebiede en woonarea van die deelnemers in berekening te bring. Sodoende kan die konteks van hul waardeprioriteite moontlik beter verstaan word. Verdere navorsing is egter nodig om die invloed van woongebiede op waardeprioriteite vas te stel.

Wat woongebied betref, is in die demografiese vraelys onderskeid tussen platteland/landelik plaas (*rural*), dorp en die stad gemaak. Stede het die voormalige tradisionele oorwegend blanke stede (byvoorbeeld Johannesburg) sowel as die voormalige nie-blanke stede (byvoorbeeld Soweto) ingesluit. Die inligting in Tabel 7.4 het uit die data na vore gekom.

TABEL 7.4 : DIE WOONGEBIEDE VAN DIE DEELNEMERS PER ETNIESE GROEP

Etnisiteit	Platteland	Dorp	Stedelik	Totaal
Afrikaans	3	17	5	25
Engels	1	1	4	6
Kleurling	2	11	2	15
Indiér	2	9	0	11
Sotho	11	13	7	31
Tswana	4	10	7	21
Xhosa	4	4	1	9
Zoeloe	11	14	11	36
Totaal	38	79	37	154

Uit Tabel 7.4 kan die volgende afleidings gemaak word:

- In byna al die etniese groepe (behalwe die Engelssprekende Blankes) kom die grootste groep van die deelnemers uit dorpe. Hierdie groep verteenwoordig ongeveer die helfte van die deelnemers.
- Behalwe vir die Engelssprekende Blankes is die ander helfte van die deelnemers ongeveer ewe veel van die platteland en die stedelike gebied afkomstig.

5.5 Woonarea

'n Ander belangrike aspek is woonarea en sluit die huis en die erf in. Soos daar ruimtelike verskille tussen stedelike-, plattelandse- en dorpsgebiede is, is daar ook verskille tussen die grootte van die wooneenhede en die erf. In die navorsing se ondersoek na huise en onmiddellike omgewings van verskillende etniese groepe, het inligting ten opsigte van die huise, ruimtebenutting en meubels na vore gekom. Hierdie inligting is ook in die onderhoude met die deelnemers, kultuurkenners en informante bevestig.

Die invloed van ruimte op die inividu en die gesin sal in Hoofstukke 8 en 9 bespreek word.

Uit die besoeke van die navorsing (kyk 3.8 van Hoofstuk 6), het die inligting na vore gekom en sal vervolgens bespreek word.

'N OORSIG VAN DIE LEEFWERELD VAN DIE DEELNEMERS

5.4.1 Swart inheemse etniese groepe en Kleurlinge

Kleurlinge en die Swart inheemse groepe vertoon dikwels dieselfde lewensomstandighede ten opsigte van behuising en daarom word dit saam bespreek. Waar die Kleurlinge van die Swart inheemse etniese groepe verskil sal die verskille uitgewys word.

Die natuur as gesinsekologiese omgewing

In die landelike gebiede kan die natuur as 'n belangrike hulpbron dien. Hier is die afhanklikheid van die natuur van belang omdat dit veral voedsel voorsien en 'n bron van inkomste is. Die volgende waarnemings wat gemaak is, bevestig dit:

- Veldvrugte vorm deel van die dieet en daarom is dit belangrik om die verskillende soorte vrugte te ken aangesien dit van ekonomiese waarde is.
- Bossies en riete word gebruik vir die maak van kussings en matrassen asook matte, mandjies en besems. Besems en mandjies word soms verkoop om 'n inkomste te verdien.
- Diere soos bokke, hoenders en beeste word aangehou en is 'n status simbool (ekonomies) en belangrike bron van voedsel.
- Donkies word soms op die platteland as vervoermiddel gebruik.
- Honde kom nie algemeen op die platteland voor nie en word meestal vir beskerming gebruik.
- Afvalprodukte word soms afsonderlik in houers gesorteer as glas, biologies afbreekbaar en nie-biologies afbreekbaar. Hierdie handeling dui onder andere op die hantering van die natuur as bron van oorlewing.

Waardes wat in bogenoemde waarnemings na vore kom is ekonomiese- (nuttigheids), gemaks-, beroeps- lewens- en veiligheidswaardes.

Verdere verskille in woonareas tussen die platteland en stedelike gebiede is die volgende:

- In die stede woon gesinne digter bymekaar en gevoglik is daar moontlik nie dieselfde mate van blootstelling aan die natuurlike omgewing nie. In sommige gevalle is daar wel speelparke wat benut word (ontspanningswaarde).
- In stedelike gebiede is daar min erwe met blomme, daarenteen word veral produkte soos mielies en groente verbou. Hierdie verskynsel kom ook op die platteland voor. Min sierbome word geplant, maar soms kom vrugtewome wel voor. Die nuttigheidswaarde (ekonomiese waarde) van voedsel blyk dus hier belangriker as die estetiese waarde (verfraaiingswaarde) te wees.
- Water moet in sommige gevalle by riviere (landelike gebiede) en by gemeenskaplike krane (stedelike gebiede) verkry word. Dit is veral die jong meisies se werk om water in plastiek houers huis toe aan te dra. In sulke gevalle word die gesin se gedragspatrone, gesinsfunksies en gesinsrolle deur die omgewing bepaal (Swart & Lamont, 1984:33).

'N OORSIG VAN DIE LEEFWERELD VAN DIE DEELNEMERS

Die woning en leefruimte

Die leefruimte om die woning word soms as 'n verlengstuk van die woning gebruik. Die beskikbaarheid van fasiliteite bepaal die gedragspatrone, leefstyl en waardes. Die woning of leefruimte kan 'n invloed hê op die waarde-oriëntasies soos nuttigheid, wat 'n ekonomiese waarde is, sowel as privaatheid, mededeelsaamheid, gemeenskaplikheid en individualiteit (Viljoen *et al*, 1987) wat weer op selfwaardes en verhoudingswaardes dui. Die volgende waarnemings van die navorser het aanleiding tot bogenoemde stellings gegee:

- In al die verskillende woongebiede wat deur die navorser besoek is, bestaan die oorgrote meerderheid van die huise uit een of twee vertrekke. Een van hierdie vertrekke word as ontvangsruimte en kookruimte gebruik, terwyl die tweede vertrek die slaapkamer is. Die ouers (soms saam met kinders) slaap in hierdie tweede vertrek. Die slaapkamer word gewoonlik as 'badkamer' gebruik aangesien 'n skottel die basiese wasfasiliteit is. Vertrekke is dus meerdoelig en daar is nie huis ruimte vir privaatheid en individualiteit nie. As gevolg van hierdie klein ruimtes word samewerking noodwendig bevorder deur gemeenskaplikheid en mededeelsaamheid.
- In die stedelike gebiede wat die navorser besoek het, is daar meestal buitetoilette en is badkamers slegs by 'welgesteldes' aangetref. In die platteland word die 'veld' gewoonlik as toilet gebruik. 'n Tswana vrou het aangedui dat as sy aan haar huis aanbou sal sy nie 'n badkamer of toilet bou nie aangesien sy nie die nodigheid daarvan in haar huis ervaar nie. Gerief (gemak) blyk dus relatief vir verskillende etniese groepe te wees.
- In die platteland het die navorser die volgende waargeneem. Die Swart inheemse etniese groepe gebruik die erf /standplaas as 'n verlengstuk van die huis. Die volgende voorbeeld kan genoem word. Sekere areas word as die kosstoor (soms 'n klein hut of afdak) gebruik terwyl 'n ander area as die voedselvoorbereidingsruimte (soms onder dak met of sonder takskermis as mure) gebruik. Basiese behoeftes blyk dus belangrik te wees en daarom is waardes wat aan oorlewing gekoppel word, belangrike faktore vir die inrigting van die woning.
- In die platteland bestaan bepaalde voorskrifte ten opsigte van die Swart inheemse etniese groepe met betrekking tot verhoudings- asook tyd-ruimtelike waardes. Die 'ontvangsruimte' om vreemdelinge te ontvang is byvoorbeeld onder 'n boom en hier moet hulle vertoef totdat die 'afgevaardigde' van die gesin hulle te woord staan. Eers nadat toestemming verkry word van die hoof van die huishouding mag vreemdelinge in die 'ontvangsruimte' te woord gestaan word. Daar is dus duidelike afgebakende ruimtes vir vreemdelinge of gaste en vir die van die gesin. Hierdie gebruik dui op die beskerming van die privaatheid en veiligheid van die gesin. Vir beskerming teen die naturelemente, vreemdelinge en diere word daar ook soms van skermis gebruik gemaak. Verder is daar soms buite 'n aparte vergaderruimte waar gesins-, familie- en gemeenskapsvergaderings gehou word. Die onderwerp van bespreking dui aan of byvoorbeeld vrouens, gemeenskapsleiers en/of mans die vergadering mag bywoon. Benewens verhoudings- en tyd-ruimtelike waardes dui hierdie gebruik op ouoriteitswaardes.
- Die tradisionele Zoeloe in die platteland maak gebruik van aparte hutte vir die man se vroue (wanneer daar meer as een vrou is) en vir alle jong meisies en seuns. (Na mate die Westerse gebruikte aanvaar word, sterf hierdie tradisionele gebruik van aparte hutte uit). Saam met die gedragsvoorskrifte van jong mans en meisies dui hierdie gebruik

'N OORSIG VAN DIE LEEFWERELD VAN DIE DEELNEMERS

onder andere op morele waardes. Verder dui hierdie gebruik ook op ordelike strukture in die gesin en gemeenskap.

- Arm gesinne het feitlik geen Westerse meubels nie en maak dikwels gebruik van die natuur en gebruik gevlegde matjies, leë houers, planke en boomstompe om op te sit of om as tafels te dien. Veral die mans is gewoond daarvan om op hulle hurke te sit. Matrasse, matjies en beddens word gebruik om op te slaap afhangende van die gesin se finansiële vermoëns. Enkelbeddens sou gewoonlik op en staan teen die muur in die dag. Meer as een persoon slaap dikwels op 'n enkelbed. Persoonlike ruimte en die uitleef van individualiteit moet in hierdie situasies plek maak vir gemeenskaplike besit. Die kookgeriewe is meestal 'n oop vuur, 'n paraffienstofie, 'n koolstoof en in uitsonderlike gevalle 'n klein elektriese plaat of stoof. Daar word dus by die basiese artikels wat noodsaaklik is vir oorlewing gehou. Luukshede, wat as statussimbole dien, is nie in hierdie arm gemeenskappe opgemerk nie.
- Indien daar gordyne is, is dit doelmatig en kom nie luuks voor nie. Los matte kom soms voor. Artikels soos beddekens is nie algemeen nie. In sommige gevalle is die Swart inheemse etniese groepe se versierings tradisioneel soos byvoorbeeld gevlegte mandjies en velartikels. Andersins is die Kleurlinge en Swart inheemse etniese groepe se versierings gekoopte artikels soos skilderyafdrukke, kleurprente, foto's, blompotte en tafellappies. Gebruiksartikels soos kastrolle en bekers word uitgestal as versiering. Volgens die informante is dit benewens die gebruikswaardes 'n manier om erkenning en aansien te kry. Waardes wat dus hier ter sprake is, is aan status, doelmatigheid en verfraaiing gekoppel.
- Die belang van status, asook ontspannings- en verhoudingswaardes, kom op verskeie wyses na vore. Elektriese krag is gewoonlik in stede en in groot dorpe beskikbaar (Swart & Lamont, 1984: 61) en in sulke gevalle het selfs arm gesinne 'n televisie en/of 'n radio. Selfone raak ook meer beskikbaar. By navraag het informante aangetoon dat hierdie artikels as vermaak en kommunikasiemiddels gesien word. Dit blyk dus dat die verskillende tipes telefone verhoudingswaardes bevorder.

Akkulturasie en assimilasie

Ten slotte moet die invloed van akkulturasie en assimilasie op die gesinslewe van die huishoudings van die Swart inheemse etniese groepe spesifiek uitgewys word. Waar daar in dorpe en stedelike gebiede meer kontak met die Westerse leefstyl is, kan die Westerse invloed duidelik waargeneem word. Die volgende voorbeeld kan genoem word. In landelike omgewings waar daar tradisioneel aparte losstaande hutte was, word dit stelselmatig met aaneengeskakelde vertrekke vervang. Waar verstedelikte Swart etniese groepe en Kleurlinge dit kan bekostig het gesinslede aparte slaapkamers. Individualiteit en privaatheid kan in hierdie omstandighede meer na vore tree. Geriewe soos stowe en kastrolle vervang die tradisionele oop vure en kleipotte. Ook die versierings stem al hoe meer met die Westerse leefwyse ooreen sodat gevlegte mandjies en toue plek maak vir plastiese en porselein artikels sowel as foto's en prente teen die mure. Die estetiese waarde het dus gebly, maar die artikels waaraan die estetiese waarde gekoppel word, het as gevolg van akkulturasie verander.

Kim se akkulturasiemodel (Kim, 1995:178) dui aan hoe herhaalde kontak oor 'n tydperk meer en meer tot veranderde gedrag lei (kyk Figuur 3.5). Hierdie model is dus veral van toepassing op die verstedelikte inheemse Swart etniese groepe. In die huise wat in stede gebou word, is daar selfs tekens van assimilasie, byvoorbeeld die gebruik van boustyle uit die

'N OORSIG VAN DIE LEEFWERELD VAN DIE DEELNEMERS

Westerse sowel as dié van die inheemse Swart kulture (kyk Figuur 3.6). In die gegoede dele word die huise op dieselfde patroon as die van Blankes ingerig.

5.5.2 Blanke Afrikaans- en Engelssprekendes

Daar is nie noemenswaardige verskille in die bostaande twee etniese groepe se woonhuise, woonerwe en die inrigting daarvan opgemerk nie. Daarom word hierdie twee etniese groepe op hierdie gebied as 'n eenheid hanteer.

Woonhuise

Die huislike opset hang van die sosio-ekonomiese status en die finansiële vermoë van die gesin af (Swart & Lamont, 1984:175). Die volgende waarnemings van die navorsing het aanleiding tot hierdie stelling gegee:

- In die 'armer gebiede' word daar veral van trosbehuising en woonstelle gebruik gemaak (Swart & Lamont, 1984:95). Anders as in die wonings/wooneenhede van minder gegoede Swart inheemse etniese groepe en sommige Kleurlinge se wonings/wooneenhede, het blanke wonings/wooneenhede gewoonlik 'n aparte badkamer en slaapkamers. Dit gee geleentheid vir meer privaatheid en die uitleef van individualiteit en gevvolglik die ontwikkeling van die selfwaardes. Gemeenskaplikheid en mededeelsaamheid kan dus minder belangrik word. Intimitet in verhoudingswaardes kan moontlik hierdeur beïnvloed word. Daar is gewoonlik 'n sitkamer en die kombuis word soms ook as eetkamer gebruik. Die kombuis word by tye as die 'lekker kuierplek' van die huisgesin gebruik. Hier word verhoudings tot 'n groot mate gevorm. Oor die algemeen is daar elektriese stowe. Andersins word daar van koolstowe (veral platteland) en paraffienstowe gebruik gemaak. Die meubels in hierdie wonings is die basiese soos byvoorbeeld tafels, stoele, beddens en hangkaste. Die nuttigheidswaardes (ekonomiese waarde) kan dus hier 'n rol in die keuse van meubels speel. Die versierings is gewoonlik prente en portrette of foto's, goedkoop nagemaakte artikels soos kunsblomme, handgemaakte artikels soos hekelwerk en geborduurde lappe. Laasgenoemde dui op die kreatiwiteit en die estetiese waardes. Erkenning en status word ook hierdeur aan die 'kunstenaar' gegee wat weer die selfwaardes positief beïnvloed.
- Die middelklas se huise, woonstelle en meenthuise is luukser (Swart & Lamont, 1984:97) en beskik soms oor twee badkamers. Daar is 'n aparte eetkamer, sitkamer en soms word 'n televisiekamer aangetref. In sommige gevalle het elke kind sy eie slaapkamer en hier word daar meer geleentheid vir individualiteit en privaatheid gegee. Die ontwikkeling van 'n eie identiteit word hierdeur positief beïnvloed terwyl mededeelsaamheid (verhoudingswaardes) skade kan lei. Hierdie psigo-ekologiese aspekte word in Hoofstukke 8 en 9 verder bespreek. (Daar moet onthou word dat Blanke gesinne algemeen gesproke minder kinders as die inheemse Swart etniese groepe het). Hierdie slaapkamers het gewoonlik ingeboude kaste, beddens, spieëltafels en soms 'n lessenaar en 'n musieksentrum. Hierdie artikels word kinders se statussimbole en kan tot die ontwikkeling van gesag- en magswaardes lei. Die meubelment van die middelklas is relatief luukser omdat artikels soos onder andere elektriese stowe, televisie, mikrogolfoond, rekenaars en 'n musieksentrum hier aangetref word. Hierdie artikels dui op ekonomiese-, gerief-, ontspannings- en ook op statuswaardes. Luukse los matte of volvloermatte kom voor. Die versierings in die

'N OORSIG VAN DIE LEEFWÈRELD VAN DIE DEELNEMERS

huis is meer luks byvoorbeeld oorspronklike skilderye en luukse gordyne wat inskakel by die res van die vertrek. Blompotte, bakke, portrette, versamelings snuisterye en mooi gebruiksartikels word as versiering uitgestal en beklemtoon die estetiese en statuswaardes. Buitegeboue kom voor en word gebruik vir motorhuise en stoornuimtes.

Die woonerf

Die middelklas-residensiële gebied het 'n woonerf wat bewerk word (Swart & Lamont 1984:97). Wat die woonerf van die middelklas betref, is waargeneem dat daar gewoonlik 'n grasperk, bome, 'n blomtuin en 'n area om vleis te braai, is. Die armer (minder gegoede) se woonerwe is klein aangesien hulle soms naby die besigheidssentrum van die stad is (Swart & Lamont, 1984: 95) In hierdie woonerwe is daar min sierbome en meestal vrugtebome. Groente- en blomtuine met 'n klein grasperk word by sommige woonerwe aangetref. Blomtuine kan dui op die belangrikheid van estetiese waardes en in die geval van groentetuine en vrugtebome op ekonomiese waardes.

5.5.3 Indiërs

Die navorser het die volgende waarnemings ten opsigte van die Indiërs se huis en inrigting van asook die woonerwe aangeteken.

Die woning

Die belangrikheid van verhoudingswaardes en tradisionele gebruik rondom die uitgebreide gesin is in sommige woonhuise weerspieël. Daarom is hierdie huise soms groter aangesien daar meer as een gesin in 'n huis woon. Dit is gewoonlik familielede soos die oupa en ouma. Elke kerngesin van hierdie 'uitgebreide gesin' het gewoonlik hulle eie kombuis en woonvertrekke. Ander huise van die Indiërgemeenskap is kleiner en slegs die kerngesinne woon hier. Die deelnemers in hierdie studie se wonings kom waarskynlik uit laasgenoemde groep.

Die opvallende gebruik van meer dekoratiewe meubels en versierings word in hierdie huise aangetref. Helder kleure en koperartikels (uit Indië) kom algemeen voor. Die gebruik hiervan kan dui op die belangrikheid van kulturele, status en estetiese waardes.

Die navorser het in die gebiede wat sy besoek het waargeneem dat die Blankes en die Indiërs se behuising tot 'n groot mate ooreenstem. Dit kan moontlik wees omdat hulle sosio-ekonomiese status nie baie van mekaar verskil nie (Swart & Lamont, 1984:175).

Woonerf

Die navorser het opgemerk dat tuine dikwels klein is in vergelyking met die grootte van die huis. Grasperke en blomtuine kom voor en bevestig die teenwoordigheid van estetiese waardes. Buitegeboue sluit motorhuise en stoornuimtes in en kan moontlik 'n aanduiding wees van waardes wat aan versorging en gemak gekoppel is.

'N OORSIG VAN DIE LEEFWERELD VAN DIE DEELNEMERS

5.6 Gevolgtrekking

Uit die bespreking van die genoemde demografiese faktore is dit duidelik dat die gesinsekologie en die hantering daarvan sosiale en psigologiese implikasies vir die kind en die latere jong volwassene kan hê (Swart & Lamont, 1984:176). Hierdie implikasies sal in die volgende twee hoofstukke bespreek word wanneer die resultate van waardeprioriteite en die oordra daarvan bespreek word.

6 KONTEKSTUELE ANALISE EN GEVOLGTREKKING

Dit is nie net genoegsaam om kennis te neem van prioriteitswaardes nie, maar hierdie waardes moet waar moontlik verklaar word en dit word gedoen deur na die konteks te kyk. Hierdie konteks is onder ander die leefwêreld (demografiese agtergrond) van die deelnemers. Deur middel van kontekstuele analise, as hermeneutiese metode, kan die betekenisse en verstaan van menslike belewenisse en handelinge duidelik na vore tree (Jordaan & Jordaan, 1988:49). Hierdie analise geskied aan die hand van vyf reëls (Jordaan & Jordaan, 1988: 50-58) wat vervolgens toegelig word. Voorbeelde ter verduideliking sal telkens gegee word.

Reël 1: Konteks as voorwaarde vir die verstaan van prioriteitswaardes.

Benewens die kulturele verskille van die verskillende etniese groepe openbaar die jong volwassenes verskillende uitgangspunte (kontekste) wat onder ander deur geloof, huwelikstatus en ouderdom beïnvloed kan word. Die volgende moet in aanmerking geneem word:

- Kulturele verskille is een van die belangrikste aspekte van hierdie studie. Binne 'n kultuur en tussen kulture is daar betekenisvolle verskille in waarde-oriëntasies (Eshleman, 1994: 204). Hierdie verskille het reeds duidelik geword ten opsigte van gesinsamestellings en ongehude moeders wat in hierdie studie betrek word.
- Die verskillende ouerdomsfases en huwelikstatus kan tot klemverskuiwings in die lewe van die jong volwassene lei (Bee & Bjorklund, 2000). Dit is moontlik dat 'n getroude vrou of 'n ongehude ma se waardeprioriteite by haar verhouding met haar gesin lê, terwyl die van ongetrouwe jong volwassenes se waardes eerder by haarself sal lê.
- Verder meen Bee en Bjorklund (2000:36-39) dat ouerdom 'n rol kan speel in selfgerigtheid teenoor andergerigtheid. Hoe ouer 'n persoon, hoe meer kan sy bewus raak van verhoudings met ander gemeenskaps- en samelewingssisteme en kan hierdie gesinsekologiese terreine belangriker word.
- Geloof is onder ander gebaseer op oortuigings (Hybills, 2000) en het bepaalde gedragsvoorskrifte en waardeprioriteite tot gevolg. Die meerderheid van die Indiërs is Hindu's terwyl die oor grote meerderheid van die ander deelnemers Christene is. Maxwell en Naidoo (1991:56) verwys onder ander na die aanvaarding van klasverskille binne die Hindu geloof. Hierdie benadering ten opsigte van verhoudingswaardes verskil van die van Christene. Alhoewel die meeste van die deelnemers die Christelike geloof onderskryf, is daar tog kulturele verskille ten opsigte van die hantering daarvan. Hierdie aspek sal duideliker word wanneer geloofswaardes in die volgende hoofstuk bespreek word.

'N OORSIG VAN DIE LEEFWÊRELD VAN DIE DEELNEMERS

Die gesin van oorsprong het 'n bepaalde gesinsamestelling (wat tot rolle en taakverdeling lei) en sosio-ekonomiese status. Genoemde aspekte kan ook as kontekste gesien word en die volgende voorbeeld illustreer hoe waardes en persone betrokke by die oordra van waardes deur kontekste (omstandighede) beïnvloed kan word:

- In die afwesigheid van die vader maak die moeder as hoof van die huishouding soms gebruik van familie (soms gemeenskapsleiers en instansies) om deel van die opvoeding te hanteer. Sodoende raak meer persone van buite die gesin betrokke by die oordra van waardes. Hierdie persone kan moontlik verskillende oortuigings hê en dus kan verskillende waarde-oriëntasies oorgedra word. Dit kan tot verwarring en moontlik tot verwerping van bepaalde waarde-oriëntasies en aanvaarding van ander waarde-oriëntasies lei. Andersins kan dit sommige waarde-oriëntasies stimuleer en waardeprioriteite beïnvloed.
- Die sosio-ekonomiese status van die gesin berus op onder andere die opvoedingspeil van die hoof of broodwinner van die gesin of van beide die ouers en dus die finansiële vermoë van die gesin. Dit lei tot klasse verskille. Die klasse wat in hierdie studie ter sprake is, is veral die laer- of die armklas en die middelklas. Eshleman (1994:206-212) noem dat daar verskillende waardeprioriteite in hierdie twee klasse bestaan. Hierdie verskille kan moontlik waardeprioriteite van die deelnemers beïnvloed en word in Hoofstukke 8 en 9 bespreek.

Reël 2: Waardes kan meer as een konteks hê.

Die verskillende demografiese aspekte wat aangedui is, kan as verskillende kontekste gesien word. In verskillende kontekste mag daar verskille ten opsigte van waardeprioriteite en die oordra van waardes wees. Die volgende voorbeeld kan genoem word:

- Lojaliteit as verhoudingswaarde kan binne die gesin en kulturele verband anders ervaar word as binne die samelewing. So kan die waarde van die natuur as bron van oorlewing ook anders in landelike gebiede beleef word as in stedelike gebiede.
- Selfwaardes soos privaatheid en individualiteit mag binne die arm gesin minder aandag kry en 'n laer prioriteit geniet terwyl in die middelklas dit 'makliker' is om 'n hoër prioriteit daaraan te gee. Ter verduideliking kan die volgende genoem word. Arm gesinne het soms net een vertrek of 'n gemeenskaplike slaaplokaal, terwyl sommige van die middelklasgesinne 'n slaapkamer vir elke kind het. In laasgenoemde geval kan individualiteit en privaatheid meer geleentheid kry om te ontwikkel. In hierdie geval word individualiteit verkry wanneer die persoon sy persoonlike stempel deur middel van byvoorbeeld prente, 'n kleurskema en artikels van haar keuse in haar slaapkamer het.

Die derde reël van kontekstuele analise sluit aan by die eerste en tweede reël.

Reël 3: Waardes en die oordra daarvan kan binne verskillende kontekste op ewe geldige maniere beskryf word.

Afleidings wat gemaak word binne verskillende kontekste, kan almal dieselfde mate van geldigheid hê. 'n Bepaalde konteks diskwalifiseer of verminder nie die geldigheid van gedragpatrone (waarde-oriëntasies) en oortuigings (waardes) nie. Waardeprioriteite van jong volwassenes kan verskillend wees as gevolg van verskille soos byvoorbeeld kultuur, huwelikstatus en geloof. Elkeen van hierdie gemete waardeprioriteite is geldig vir die bepaalde kategorie. Op hul beurt sal die oordra van waardes binne die gesin gemeet kan word binne kategorieë soos gesinsamestelling, sosio-ekonomiese status en woongebied.

‘N OORSIG VAN DIE LEEFWÊRELD VAN DIE DEELNEMERS

Dit is dus noodsaaklik dat die resultate in terme van demografiese eienskappe beskryf moet word.

Reël 4: Waardeprioriteite en die oordra van waardes berus op die interafhanglikheid van kleiner dele (kontekste) tot die groter geheel (konteks).

Die volgende voorbeeld illustreer bostaande kontekstuele analyse reël. In demografiese verband kan die jeugjare van die jong volwassene gesien word as ‘n groter geheel, terwyl kleiner kontekste onder ander die van gesin van oorsprong se samestelling, sosio-ekonomiese vermoëns, woongebied, opvoedingspeil, funksies, geloofsoortuigings en kulturele opset uitmaak. Indien die gesin nie blootgestel was aan byvoorbeeld die goeie behuising en opvoedingspeil van die sogenaamde middelklas nie, is daar moontlik nie kennis gemaak met hierdie middelklas se waarde-oriëntasies nie. ‘n Tweede voorbeeld is die volgende. Wanneer die stedeling nie die blootstelling aan die natuurlike omgewing gehad het as die kind in landelike gebiede nie, kan waardeprioriteite en waarde-oriëntasies verskil. Ten opsigte van elkeen van die genoemde kleiner kontekste binne die demografiese opset kan hierdie reël van interafhanglikheid van kleiner dele tot die geheel toegepas word.

Elkeen van hierdie gesinsekologiese waardeterreine kan as groter kontekste (genoem konteks A) gesien word en word opgemaak uit nog kleiner kontekste naamlik aspekte (genoem konteks a). So byvoorbeeld word die ekonomiese terrein (A) beïnvloed uit onder andere geld (a) en besittings (a). Die tekort aan geld en/of besittings kan moontlik die ekonomiese terrein se waardeprioriteite beïnvloed. Verder beïnvloed die gesinsekologiese waardeterreine (konteks A) mekaar onderling sodat daar ‘n wisselwerking tussen die verskillende gesinsekologiese waardeterreine ontstaan. Ten opsigte van die jeugjare van die jong volwassene waar die moeder die hoof van die gesin van oorsprong was, kon die moeder deur veranderde omstandighede van bepaalde gesinsekologiese terreine beïnvloed word (Haralambos & Holborn, 1995:144). In sommige van hierdie gesinsekologiese terreine en aspekte daarvan (kontekste A en a onderskeidelik), moes die enkelouer aanpassings ten opsigte van gesinsrolle, gedragspatrone en gevolglik waardeprioriteite maak. Die skematiese voorstelling dui die interafhanglikheid van sommige kontekste, wat deur die gesinsekologiese perspektief bevestig word, aan.

Ervarings van die jong volwassene in sy gesin van oorsprong



FIGUUR 7.1 : KONTEKSTUELE INTERAFHANKLIKHEID VAN DIE GESINSEKOLOGIESE WAARDETERREINE

'N OORSIG VAN DIE LEEFWERELD VAN DIE DEELNEMERS

Kortlik kan die interafhanklikheid tussen die twee kontekste met die volgende voorbeeld geillustreer word:

Ten opsigte van die gesin van oorsprong van die jong volwassene waar die moeder as enkelouer moes optree, is daar belangrike aspekte of kleiner kontekste en gesinsekologiese waardeterreine wat ook 'n rol kan speel. Die selfwaarde van die moeder word deur sekere bekwaamhede soos selfversekerdheid 'gevoed' en hierdie selfversekerdheid 'help' haar om nog meer bekwaamhede aan te leer wat op hulle beurt 'n hoër posisie in haar beroep beteken, wat weer haar selfbeeld verder versterk en meer geld kan genereer om sodoende in 'n beter ekonomiese posisie te wees. Hierdie verbeterde ekonomiese posisie kan meebring dat sy ook meer beroepsatisfaksie het. As gevolg van die verbeterde ekonomiese omstandighede, soos meer geld, kan sy 'n huishulp bekostig sodat sy meer tyd het en gevoglik meer beskikbaar vir haar kinders is. Aangesien sy meer tyd het en meer beskikbaar is, is daar meer interaksie tussen gesinslede en moontlik ander familielede en gevoglik word verhoudings onderling verstewig. Beter verhoudings tussen gesinslede maak dat hulle meer tyd saam wil deurbring en so word die onderlinge verhoudings verbeter. Hierdie kan die ervarings van sommige deelnemers wees. Die teenoorgestelde of negatiewe effekte kan ook waar wees van sommige deelnemers. So sal enkelouers byvoorbeeld onbekwaam voel en gevoglik 'n lae selfbeeld ervaar wat weer haar beroep, geld en die ekonomiese terrein sal affekteer. Gevolglik sal sy harder moet werk, minder tyd tot haar beskikking hê, minder beskikbaar vir haar kinders en ander familielede wees en swak verhoudings tussen gesinslede kan dan hieruit volg.

Bostaande vierde reël van die kontekstuele analise, naamlik die interafhanklikheid van die kleiner en groter kontekste, vind aansluiting by die vyfde reël van die kontekstuele analise wat na die kontekstuele spiraal verwys.

Reël 5: Die interafhanklikheid van die kleiner dele (kontekste) en die groter geheel (konteks) kan 'n kontekstuele spiraal vorm.

Die kontekstuele spiraal duï 'n gedragspatroon aan waarin tyd altyd deel van die spiraal is. Hierdie spiraalkonsep kan ook verder uitgebrei word. Eerstens kan die spiraal horisontaal vorentoe in tyd beweeg. Tweedens kan hierdie spiraal afwaarts beweeg na 'n meer negatiewe situasie en derdens kan die spiraal opwaarts beweeg na 'n positiewe situasie. Die volgende voorbeeld sal die kontekstuele spiraal illustreer.

Die horisontale spiraal kan oor generasies heen loop en kan dan die gesinsamestelling van die kulturele konteks van waardes uitbeeld. As voorbeeld word die kulturele gebruik dat die ouma die kleinkinders 'grootmaak', toegepas.

1. As gevolg van werksomstandighede kan 'n jong ongehude moeder (A) nie haar kind grootmaak nie en die kind word na die ouma (A) gestuur.
2. Die ouma (A) maak die kleinkinders groot en in hierdie konteks is sy verantwoordelik vir die oordra van kulturele waardes en die gepaardgaande gebruikte.
3. Hierdie kinders word 'los' van 'n algemeen aanvaarde kerngesin groot en leer die tradisionele gebruikte en kulturele waardes, soos deur die ouma (A) voorgehou, aan.

'N OORSIG VAN DIE LEEFWERELD VAN DIE DEELNEMERS

1. Hierdie kleinkinders word jong volwassenes en ouers (binne of buite die eg) en hulle kinders word weer deur hulle ma (nou die nuwe ouma, naamlik B) grootgemaak.
 2. Hierdie ouma (B, voorheen moeder A) dra dan weer die kulturele waardes en die gepaardgaande gebruikte aan haar kleinkinders oor.
 3. Hierdie generasie kleinkinders (van ouma B) word weereens 'los' van 'n algemeen aanvaarde kengesin groot en leer die tradisionele gebruikte en kulturele waardes volgens die interpretasie van die ouma (B) aan.
- (Bostaande syfers word in Figuur 7.2 aangedui).

Met verloop van tyd word hierdie patroon voortgesit en word dit 'n kulturele gebruik met bepaalde waarde-oriëntasies daaraan verbond. Die oumas en nie die ma's word die draers van waardes en die kinders word tot 'n mindere mate blootgestel aan die opvoeding van hul eie ouers. Die emosionele band tussen ouers en kinders kan ook skade lei. Hierdie situasie (kontekstuele spiraal) kan skematis voorgestel word:



FIGUUR 7.2 : HORISONTALE KONTEKSTUELE SPIRAAL


Die afwaartse beweging van hierdie spiraal kan gesien word wanneer daar verarming plaasvind. Dit geskied byvoorbeeld as die vrou deur haar man verlaat word en sy agterby om alleen die sorg van die kinders te hanteer. Omdat sy as moeder en hoof van die gesin en enigste broodwinner nie alleen die mas kan opkom nie, raak sy veral deur 'n afwaartse ekonomiese spiraal al dieper in die skuld. Hierdie spiraal het psigologiese en maatskaplike implikasies aangesien sommige van die kinders die skool op 'n vroeë stadium, weens finansiële redes, moet verlaat. Hierdie kinders moet dan of vir hulself sorg en/of help om hul gesin van oorsprong te versorg. Daar ontstaan 'n generasie wat nie voldoende geletterd is en gevolglik ook in armoede kan veral.

Die opwaartse beweging van die spiraal kan gesien word wanneer 'n gesin sy lede, byvoorbeeld kinders, uit die armoede en ongeletterdheidsspiraal van die laer sosio-ekonomiese klas trek. Deur harde werk en die aangryp van geleenthede word daar dus na die geletterdheid

'N OORSIG VAN DIE LEEFWÊRELD VAN DIE DEELNEMERS

en die welvaart van die middelklas beweeg. Genoemde gedrag verwys na opwaartse sosiale mobiliteit wat in Hoofstukke 8 en 9 verder bespreek word. Hierdie aspekte is verder van belang vir waardeprioriteite aangesien Oakley (1982) en Eshleman (1994:204-207) noem dat die gebruik, gerigtheid en waardeprioriteite van die verskillende klasse verskil.

Die opwaartse en afwaartse kontekstuele spirale kan skematisies soos volg voorgestel word:



FIGUUR 7.3 : OPWAARTSE EN AFWAARTSE KONTEKSTUELE SPIRALE

7 SLOTOPMERKING

Demografiese faktore vorm 'n konteks vir die verklaring van gedrag en waardeprioriteite. Deur hierdie faktore so volledig as moontlik te beskryf help dit om waardes binne 'n konteks te plaas en gee dit meer geldigheid aan die analise van resultate.

In hierdie hoofstuk is daar ook aangetoon hoe demografiese aspekte soos wonings aan akkulturasie gekoppel kan word. Die Westerse invloed is veral duidelik in die verstedelikte inheemse Swart bevolkingsgroepe te sien.

Etnisiteit vorm 'n basis om die verskille en ooreenkoms tussen waardeprioriteite van verskillende jong volwassenes aan te dui. In die ontleding van die demografiese aspekte kom hierdie etniese verskille en ooreenkoms na vore.